IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-01-22 EN 23

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. C. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 4

(Bladsye 117 - 228)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

DELMAS

1985-01-22

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) Rapporteerbaar: JA/NEE
(2) Van belang vir ander Regters: JA/NEE
(3) Hersien

Datum Handtekening

THE STATE

versus

PATRICK MABUYA BALEKA & 21 OTHERS

---

## J U D G M E N T

VAN DIJKHORST, J.: In terms of Section 65 of the Internal Security Act No. 74 of 1982 these proceedings were held in camera. I deem it advisable to give this judgment in open court. Therefore the names of witnesses will not be mentioned.

The State applied in terms of Section 153(2) of the Criminal Procedure Act No. 51 of 1977 that in respect of the first State witness, whose name was by mistake mentioned by counsel for the State, an order be made

(a) that the evidence be heard in camera, and

(b) that the identity of that witness not be made public.

After initially being made in open court this application, in terms of Section 65 of the Internal Security Act No. 74 of 1982, was heard in camera. The grounds advanced in support of this application were those set out in Section 153(2) of the Criminal Procedure Act. I will return to them later.

The law to be applied is clear. It is the application thereof to the facts of such applications which is difficult. On the one hand there is the guiding principle that the courts are open to the public and should always be, except in exceptional circumstances. That is also set out in the Criminal

Procedure/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Procedure Act in Section 152. On the other hand the application of this guiding principle should not defeat the administration of justice itself. Therefore Section 153(1) of the Criminal Procedure Act provides for certain exceptions to the rule that proceedings are to be held in open court. Should State security, good order, public morals or the administration of justice require it the Court may direct the proceedings to be held in camera.

Section 153(2) provides that a witness' evidence and identity may be withheld from public scrutiny

> "if it appears to the Court that there is a likelihood that harm might result to any person other than an accused"

if the normal procedure is followed. Whether there is a likelihood that harm might result to a witness will vary from case to case and witness to witness. A Court can only be guided in its decision on this point by the material placed before it. Cases like S v SEFATSA & OTHERS TPD (unreported) No. CC.698/85, a judgment of HUMAN, A.J.; S v LEEPILE & OTHERS (unreported) WLD no. 98/85, a judgment of ACKERMANN, J.; S v MOTHOPENG & OTHERS 1978 (4) SA 874 (T); S v MADLAVU & OTHERS 1978 (4) SA 218E; S v SEKETE & OTHERS 1980 (1) SA 171 (N); R v SOROUR 1952 (3) SA 305 (C) and S v SEXWALE & OTHERS 1978 (3) SA 427 (T), can only be guides to indicate how the law has been applied to particular sets of facts. It seems clear from Section 153(2) itself, and it is also emphasised in some cases dealing therewith, that the jurisdictional facts that there is a likelihood that harm might result have first to be established and that the Court then has a discretion to depart from the ordinary procedure. The Act,

in/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in using the words "a likelihood that harm might result" does not prescribe the probability of harm. The use of the word "might" indicates something less certain, a reasonable possibility. See S v NEL EN 'n ANDER 1963 (4) SA 73 (T); S v PROTEA MEDICAL SERVICES (PVT) LIMITED & ANOTHER 1972 (2) SA 386 (R) at 389G; S v SEKETE & OTHERS 1980 (1) SA 171 (N) at 172 and S v LEEPILE supra at page 4.

In considering the discretion which a court has after the jurisdictional facts have been established to order proceedings to be held in camera ACKERMANN, J. in S v LEEPILE, supra, referred inter alia to Wigmore on Evidence Volume 6 paragraph 1835 who sets out three reasons which make the publicity of judicial proceedings a security for trustworthiness and completeness of testimony. They are:

1. The publicity "produces in the witness' mind a disinclination to falsify; first by stimulating the instinctive responsibility to public opinion, symbolised in the audience, and ready to scorn a demonstrated liar."

In my view this may be a strong consideration where the audience is largely objective and non-partisan. It does not have much cogency where the trial is a so-called political one and the audience is highly partisan, labelling anyone who does not support their political outlook as a sell-out, that is a traitor, and creating a highly charged court atmosphere.

2. Publicity may induce the fear of exposure of false testimony and thus prevent it.

This is a valid consideration but the accused and their competent legal advisers are fully cognisant of the evidence of such a witness and should publication in the press be allowed, the fear of subsequently exposure of falsehoods will

remain./....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

remain.

3. Publicity may secure refutation by persons who would otherwise not come forward as witnesses.

This is also a material consideration; but again, should publication in the press be allowed the possibility that such a witness will be lost is greatly diminished. It is, however, a factor to be kept in mind.

The Learned Judge in S v LEEPILE, supra, further refers to a second body of reasons why according to Wigmore trials should be conducted in public, which reasons are independent of evidential service.

(a) A wholesome effect is produced upon the Court and its officers if they act under the public gaze.

(b) Parties not before Court may be affected or think themselves affected by pending litigation and should therefore be able to be present to hear what is going on.

(c) The educational effect of public attendance is a material advantage, it creates confidence in judicial bodies and remedies.

These are of course cogent considerations. It is for these reasons that we have the general rule that our courts are open to the public and they should be carefully borne in mind when the discretion is exercised.

I respectfully agree with the views expressed in S v LEEPILE supra, S v MOTHOPENG & OTHERS supra and S v SEKETE & OTHERS supra that the fact that the proposed order cannot be absolutely effective should not deter the Court from granting it. Even if the Court has serious doubts whether the proposed order will prevent reprisals against the witness, if it will have the effect of alleviating his fears and thereby remove his inhibitions

against/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

against free and truthful testimony the administration of justice will have gained. This consideration favours the granting of an order that the case be held in camera.

To summarise, the Court when exercising its discretion bears in mind the principles set out in Section 152 and the reasons underlying it and the greater principle that justice must be done. In case of conflict, regrettably the former will have to yield to the latter.

I turn now to the facts placed before me to determine whether there is a likelihood that harm might result if the witness testifies in this court. The approach of CLOETE, J.P. in S v MADLAVU supra 222H commends itself to me. The Learned Judge stated:

> "The application of the section requires an assessment of the surrounding circumstances of each particular case. In assessing these the Court, in my view, is not bound to consider and to evaluate only the factual evidence placed before it in direct proof of the likelihood of harm resulting. That of course is and will always be an important, and possibly one of the most important aspects to be considered in judging an issue of this nature. There is such evidence before this Court but in my view the Court can travel beyond the mere facts of this case and draw upon its own judicial experience in other cases of a like nature and consider the nature of the act alleged in the indictment, the atmosphere of the case itself, the type of case with which we have to deal, the prevailing circumstances as a matter of common knowledge in which the crimes alleged in the indictment were alleged to have been committed and similar



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

> circumstances. I do not pretend to give an exhaustive list of all these factors."

The charge is one of high treason with alternatives of terrorism and subversion under Sections 54(1)and 54(2) of the Internal Security Act 74 of 1982 and six counts of murder. Inter alia it is alleged that a popular movement was created with the intention to overthrow the government by violence. This was accompanied by incitement of the Black masses to violence in order to make South Africa ungovernable, which would lead to a violent revolution. These were the aims of the ANC, SACP and UDF and to this goal the accused conspired. The accused inter alia incited and ordered the Black inhabitants of inter alia the Black residential areas of Evaton, Boipha-ong, Sharpeville, Sebokeng and Bophalong to commit violence and caused general disruption or disorder and the killing of several people. These are the allegations made by the State. They still have to be proved in this court.

It is common knowledge that a significant portion of the Black population of the Vaal Triangle went on the rampage and it is a reasonable assumption that a witness who testifies against this disorderly section of the community may fear for his life or property.

The witness who was to have been called first in this case has disappeared and there are serious allegations by the Attorney General's representative against a firm of attorneys that they had something to do with this frustration of the course of justice. I can of course not comment on the correctness of these allegations at this stage.

I heard evidence of a general nature by a colonel in the South African Police whose task it is to question and attempt to rehabilitate ex-ANC members, that the ANC keeps

a /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

a hit list of names of ex-ANC members who have been rehabilitated or who collaborate with the South African Police. That he learnt in the course of his work. He also handed in and referred to certain issues of Sechaba, a mouthpiece of the ANC, to a yellow page publication by the ANC with the heading "Death to the Traitors" and to Volume 3/1985 of Umsebenzi, a publication of the South African Communist Party. Apart from the lastmentioned one these documents are dealt with extensively by ACKERMANN, J. in S v LEEPILE supra at pages 18 to 22. The Learned Judge came to the conclusion that these documents do not support the conclusion that all witnesses in security trials are threatened with death or serious injury. I do not propose to quote from the documents here. I respectfully differ from the Learned Judge in my assessment of the weight to be afforded this evidence. These documents indicate that the ANC takes pride in the liquidation of those who collaborate with the police. Obviously the more important collaborators will be higher on the hit list, but this does not mean that the less important ones will not be at risk should they become conspicuous. A probability of harm is not required by Section 153(2), merely a likelihood that harm may result.

I would also respectfully not place as much emphasis as ACKERMANN, J. on the fact that there is an absence of evidence of specific intimidation of or threats to any particular witness. One does not expect these silent executioners to give ample warning of the bullet that pierces the darkness.

But I have further evidence before me. An ex-member of the ANC who joined in 1976 and deserted in 1984 testified that during his training in Angola he was taught the policy

of/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

of the ANC on sell-outs. Deserters of the cause are regarded as enemies and are liquidated. The photographs of these deserters are shown to the cadres who are instructed to kill them. Couriers attend court on behalf of the ANC in political cases to observe the witnesses and then steps are taken to eliminate them. The ANC regards as soft targets those who help the State, namely counsellors, policemen and their families, witnesses in political cases, the Court itself and also white farmers. This witness also stated that he would be prepared to testify should the case be held in camera but that he would not give evidence in open court as that would endanger his life. The fact that this witness, though living at his old address in the Johannesburg area with his history being known to his friends, has not yet been liquidated does not detract from his evidence. His view that exposure to the public gaze in open court with full disclosure of his identity will endanger his life is not unreasonable. His view is that the public attending court will be supporters of the UDF and other political associations and that some of those people are couriers of the ANC and some got crash courses from the ANC in the use of weapons.

I also heard evidence from a captain in the South African Police that a member of the South African Police, a former informer who had infiltrated COSAS, one Letsela, who was to have given evidence in this trial on COSAS and the Vaal Civic Association, complained to him about rumours that his house would be burnt down and that he would be murdered. These threats were made because he was to give evidence. Thereafter his house was set on fire on 30 June 1985. The culprits were caught and they were COSAS members. Thereafter,

on/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

on 1 September 1985, Letsela was murdered near a shebeen. I draw no conclusions from the murder. But the evidence does show that threats have been made to the life and property of witnesses and that these threats are real.

I was further informed by the colonel of the South African Police to whom I have referred that he is aware of a number of ex-ANC members who refuse to testify should they not receive the protection of the Court by an order of non-disclosure of their identity.

On behalf of the accused the reasons for the principle enshrined in Section 152 of the Criminal Procedure Act, namely that cases should be tried in open court, were emphasised. It was pointed out that especially in treason trials secrecy is to be condemned. I agree that the principle of Section 152 should be upheld if at all possible, but in this case it is overriden by the principle that justice may not be defeated thereby.

I hold that there is a likelihood that harm might result to ex-ANC members who testify in this case should their evidence be given in open court. In my discretion I apply the provisions of Section 153(2) of the Criminal Procedure Act.

During argument Mr Jacobs widened the scope of his application to include other ex-ANC members and another category of witnesses, namely those who are not ex-ANC members but are at present in detention and are accomplices of the accused. Allegedly some of them also fear reprisals and refuse to testify in open court for that reason. I am not prepared to deal with those witnesses at this stage. When the occasion arises the facts relating to such witnesses can be placed before me and then, taking into account the evidence which is already before me, can be dealt with accordingly.

The/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

The facts before me only relate to the position of witnesses who are ex-ANC members. The fact that the name of one was mentioned in error by Mr Jacobs at the outset in open court does not detract from my findings. It was barely audible. Neither I nor my assessors heard it and nobody in the gallery could have done so, and even if somebody did catch the name the impact of his evidence and presence was not felt and the proposed order can still afford some protection.

I therefore make the following ruling:

1. The evidence of those witnesses for the State who are ex-ANC members will be given behind closed doors.
2. Only the legal representatives of the parties and necessary court officials and policemen are allowed in court, except as stated hereunder.
3. The Press may be represented by persons approved by the Attorney General or his representative.
4. The three students who at present assist the defence team in the preparation of their case are allowed to attend provided they present themselves to the representative of the Attorney General and give such undertakings as to the maintenance of secrecy as he may require.
5. No person attending the proceedings is to reveal, either directly or indirectly, the identity of any witness who testifies behind closed doors.

---

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR CHASKALSON : Can I seek clarification of that last order made by Your Lordship. I assume it does not prevent the representatives for the defence taking instructions on matters which they deem it necessary to take instructions.

COURT : From the accused?

MR CHASKALSON : From the accused and may be, it may be necessary to seek instructions elsewhere.

COURT : Where does one get instructions except from an accused?

MR CHASKALSON : Well, one gets instructions from an accused, but one may need to seek - there may be occasions and I do not anticipate, I cannot anticipate now whether they will or would not arise and perhaps it is best to address Your Lordship should the circumstances arise.

COURT : I think so. I think the order should stand and should any variation of the order be sought, I think that can be done at the time.

MR CHASKALSON : I did not have in mind necessarily instructions. One sometimes needs to make an enquiry. It may appear for instance, as an example that a witness is giving evidence elsewhere, may be necessary to enquire from other counsel or other lawyers as to whether that is so, to seek out record and things like that.

COURT : If that inquiry entails the disclosure of the identity of a witness, whose identity I have ordered not to be disclosed, I am afraid that inquiry would not be made, unless it is done indirectly, in a way which does not reveal the identity of that witness, as a witness in this case.

MR CHASKALSON : Perhaps we should address, if problems should arise, we can always raise it with Your Lordship. As I understand it, all rulings on procedure are interlocutory any way and we can define it as the matter goes along.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT : This ruling can always be amended.

ADOLF BRANDERS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Kroonstad waar u verbonde is aan die veiligheidstak daar? -- Dit is korrek.

Op Maandag, 11 Februarie 1985 ongeveer 07h45 het u diens gedoen in die Swartwoonbuurt Seeisoville, Kroonstad? -- Dit is korrek.

Was jy toegerus met 'n verkyker?-- Dit is korrek.

En waar het u diens gedoen? -- Ons was naby 'n skool gewees, 'n hoërskool met die naam Bodibeng in die Swartwoonbuurt.

In die Swartgebied Seeisoville? -- Dit is korrek.

Het u daarnatoe gegaan sommer uit gewone patrolliewerk of hoekom het u daarnatoe gegaan? -- Ons is ontbied deur die prinsipaal na die toneel toe.

Was u alleen gewees of was u saam met ander gewees? -- Ons was vier veiligheidspolisiemanne gewees in twee voertuie.

Wat se voertuie? -- Die een was 'n Colt Galant en die ander een 'n Cortina.

Motors? -- Dit is korrek.

Toe u nou daar by die Bodibeng Hoërskool aangekom het, wat het u gevind? Wat het u waargeneem? -- Ek het gesien dat die Swartskoolkinders uit die klas uithardloop en rondbeweeg op die skoolterrein, rondmaal en 'n optog vorm na die Swartwoonbuurt toe.

Waar het hulle die optog gevorm?-- By die skool nog self.

Op die skoolterrein? -- Op die skoolterrein en buite die skoolterrein.

En toe het hulle begin wegbeweeg, sê u? -- Dit is reg.

In 'n optog? -- Dit is korrek.

... / Waarheen

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Waarheen beweeg hulle toe? -- Hulle het begin inbeweeg na die woonkompleks van die Swartwoonbuurt.

Op daardie stadium toe julle nou sien hulle vorm die optog, en hulle begin inbeweeg in die Swartwoonbuurt, het u en u eenheid wat nou daar was enigiets gedoen of wat is die omstandighede? -- Ons het slegs die situasie gemonitor.

Dopgehou? -- Dit is reg.

Hulle beweeg in die Swartwoonbuurt in. Waarheen beweeg hulle toe? -- Hulle het inbeweeg in die Swartwoonbuurt in na 'n volgende hoërskool waar ook leerlinge van die volgende hoërskool uit die klasse uitgehardloop het.

Die eerste groep by die eerste hoërskool toe hulle nou die groep gevorm het, hoe 'n groot groep was dit ongeveer? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar ek skat dit was plus-minus sewehonderd leerlinge gewees.

Toe hulle nou daarvanaf beweeg het na die volgende skool toe, hoe was hulle optrede in die algemeen? -- Hulle was rumoerig van aard soos ons kon uitken. Hulle het klippe opgetel langs die pad en rondgedans.

U sê hulle beweeg toe na die ander hoërskool toe. Hoe ver is dit van die eerste een af ongeveer, as u nie presies kan sê nie? -- Dit is plus-minus twee kilometer.

Wat was die polisie, waarin u nou self was, se optrede gewees toe hulle nou wegbeweeg twee kilometer daarvandaan? -- Ons het die onruseenheid op bystand gekry dat hulle net teenwoordig kan wees as daar onrus uitbreek en verder het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

En uself, u voertuie, wat het gebeur? -- Ons het die skare gevolg.

Hoe ver van hulle af was u? Was u voor hulle, agter hulle of langs hulle? -- Ons was agter hulle op 'n stadium en

... / toe

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

toe het ons ook in die woonbuurt inbeweeg en die skare het toe begin uiteenspat.

Is dit nou voordat hulle by die tweede hoërskool gekom het?-- Nee, na die tweede hoërskool.

Ek is nog besig na die eerste hoërskool.

HOF : Net voor u verder gaan. Ons is nou in Kroonstad. Ek het altyd gedink ons saak handel met die onruste in die Vaal Driehoek. Ek was nie bewus Kroonstad val in die gebied Vaal Driehoek nie. Is dit wat u onder die Vaal Driehoek verstaan?

MNR. JACOBS : Nee. Daar is die Vaal Driehoek en dan is daar in die akte van beskuldiging ook plekke waar daar ander geweld gepleeg was.

HCF: Maar kan u ons net 'n idee gee, wat my en my assessore hinder in die saak is dat ons nie die voorreg en voordeel gehad het van 'n openingstoespraak nie. Nou lei u 'n getuie, ons weet nie waar dit inpas, by watter daad in die akte van beskuldiging nie. Oënskynlik val dit nie eers in die Vaal Driehoek nie. Ons weet nie of hierdie getuie gaan gesels oor die algemene doelstellings van die UDF, dan wel of hy ten aansien van 'n besondere beskuldigde getuienis gaan gee nie. U moet ons net 'n bietjie rigting gee, want ek moet beoordeel of die getuienis relevant is, anders gaan ek u elke keer vra om vir my aan te dui is die getuienis relevant en waarom, want ek is nie bereid om in hierdie saak te luister na getuie, na getuie, na getuie wat vir my feite gee wat op die ou end blyk nie ter sake te wees nie.

MNR. JACOBS : Die getuie sal getuienis gee - in die besonderhede word sekere plekke genoem waar moeilikhede was. Kroonstad is een van die plekke en hy gaan oor Kroonstad s'n gee. Ek het nou ongelukkig nie die verdere besonderhede hier by my nie, Seeisoville en dan gaan hy 'n beskuldigde van die

... / beskuldigdes

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beskuldigdes op Kroonstad koppel aan die oproer daar. Die getuie se getuienis sal dan in die algemeen ook wees om die sameswering te probeer bewys tussen die verskillende organisasies, dat dit nie net in woorde 'n sameswering was nie, maar dat daar aktiwiteite ook was.

HOF : Ek kan heeltemal begryp. U kan voortgaan op daardie basis. Ek sal dit net waardeer as u voordat 'n getuie geroep word ons net sê in watter rigting u beweeg met die getuie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit doen, want ek kan besef wat die Hof se probleem is.

HOF : En sal u ook vir ons sê wanneer u getuienis by 'n spesifieke daad kom, dat u ons die daad se nommer gee? Dat ons darem net vinnig kan loer.

MNR. JACOBS : Ek sal dit doen.

HOF : Dankie. Gaan maar voort.

MNR. JACOBS : Ek wil net eers weet, toe die skare van een hoërskool af beweeg het na die ander hoërskool toe, waar was u voertuie of wat het u gedoen? -- Soos ek gesê het, ons was twee voertuie en op 'n stadium het ek ook eers inbeweeg in die Swartwoonbuurt in om te sien hoe lyk dit by die volgende skole.

Het u daar by die volgende skool gaan plek inneem? Gewag vir die skare? -- Nee, ek het net daar verbygery en opgemerk dat die groep wat toe van die eerste skool af beweeg het na die tweede skool toe, die persone uit die skool uithaal.

U het nou waargeneem dat hierdie tweede groep skoliere sluit by die eerste groep aan? -- Dit is korrek.

Wat gebeur toe die twee groepe nou een word? -- Mense van die Swartwoonbuurt het ook by hulle aangesluit en hulle het in die winkelkompleks inbeweeg.

Hoe groot was die groep toe omtrent gewees? -- Dit is

... / moeilik

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

moeilik om te bepaal, maar dit was plus-minus drieduisend na vierduisend mense toe.

Wat gebeur toe? Hulle beweeg nou weg van die tweede skool af. Waarheen gaan hulle toe? -- Hulle is in die winkelkompleks in waar 'n klipgooiery toe plaasgevind het en geplundery van winkels.

Kan u vir ons meer besonderhede gee. Wat was hulle optrede? Daar het 'n klipgooiery plaasgevind deur wie? -- Deur die Swartskare.

En na wie het hulle die klippe gegooi? -- Na die winkels en na ons voertuie.

Het hulle die winkels beskadig in die proses? -- Die ruite is beskadig en goedere is uit die winkels gedra, geplunder.

Deur wie? -- Deur die Swartskare en skoliere.

Wat het nog daar gebeur? Het die winkels net so gebly of was daar enige vure gewees? -- Ja, van die winkels is aan die brand gesteek.

Deur wie? -- Seker deur die Swartskare. Ek het dit nie self waargeneem dat 'n sekere persoon 'n winkel aan die brand steek nie.

Ek vra nie dit nie, was dit deur lede van die skare? -- Ja, dit is reg.

Wat het u toe gedoen toe u sien hier word op groot skaal skade aangerig? -- Ek was toegerus met 'n 37mm gasstoppergeweer en ons het toe op die skare begin vuur.

Wat se ding is 'n gasstopper? -- Dit is 'n spesiale wapen wat ontwerp is vir die onluseenheid van die polisie.

Wat vuur hy af? -- Hy kan 'n rubberpatroon afvuur en 'n gaspatroon.

Wat het u afgevuur? -- Ek het rubber en gas afgevuur.

Hoekom het u dit afgevuur? -- Omdat daar geweldpleging



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

plaasgevind het en ons wou die skare uiteen gedryf het. Ons was bang vir menselewens ook wat in die winkels was.

En toe? Het hulle uitmekaar gegaan of het julle paar daarin geslaag om hulle uitmekaar te dryf? -- Ons het heelwat geslaag, maar hulle het telkens teruggekom, want hulle was 'n groot groep skare gewees.

Wat gebeur toe verder? -- Ons het toe per radio gehoor dat die skoolhoof, die rektor eintlik van die Mphoadi Onderwys Kollege ons ontbied het en gesê het dat 'n groep skare die skoolterrein van hom omring het. Hulle wil inkom in sy terrein.

Wat het julle toe gedoen? -- Ons het toe uitbeweeg na die kollege toe en op die toneel het ons toe wel die groot groep Swartes aangetref.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Was hierdie Swartkinders of was daar ander mense toe ook by? -- Skoolkinders en volwassenes.

MNR. JACOBS : Wat het hulle gedoen daar? -- Hulle het probeer om oor die heining te klim van die betrokke skool en ook klippe gegooi na voertuie binne-in die terrein en na ons.

Kan u vir ons sê hoe groot was hierdie skare wat u daar by die Onderwys Kollege aangetref het? -- Ek sal moet raai. Ek sal skat plus-minus vierhonderd.

Hierdie kollegeperseel self, is dit beveilig? -- Hy het slegs 'n omheining omgehad. Dit was al beveiliging gewees.

Wat se omheining? -- 'n Draadomheining.

'n Veiligheidsomheining of 'n gewone draadomheining? -- 'n Bietjie hoër. 'n Mens kan sê dit is 'n veiligheidsomheining.

Wat het u toe gedoen? Hoeveel van u was toe daar? -- Ons was vier gewees.

Nog steeds die twee karre se mense? -- Die twee motors. Dit is reg.

... / U

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U het gemeld van 'n klipgooiery wat daar plaasgevind het? -- Dit is reg. Hulle het ons toe ook gegooi met klippe, die voertuie waarin ons was.

Was julle voertuie beskadig? -- Dit is korrek.

En toe, wat doen u toe? -- Ons het ook haelgewere gehad met donshael by ons en ons het op die mense begin vuur, aangesien ons gesien het dat die stoppergewere nie die gewenste uitwerking op die skare het nie.

Het dit gehelp? -- Dit het gehelp.

U sê dit het gehelp. In watter opsig het dit gehelp? -- Dit het gehelp dat ons by die hek kon inkom en die Blanke-onderwysers uit die plek kon verwyder.

Wat gebeur toe? U het nou die mense verwyder, die Blankes uitgeneem? -- Nadat ons die mense toe uit die skoolterrein gekry het, het ons weer inbeweeg in die Swartwoonbuurt in.

Die kleredrag van hierdie skares wat toe daar was, kan u vir ons daaromtrent enigiets sê? -- Is dit spesifiek by die Onderwys Kollege?

Ja? -- Op daardie stadium was hulle nog in skooldrag geklee en siviele drag.

En die grootmense? U sê daar was kinders en grootmense? Wat het die grootmense, die volwasse persone aangehad? -- By die Onderwys Kollege self het ek net gemerk dat hulle burgerdrag aan het.

Wat gebeur toe verder? -- Ons het toe inbeweeg verder weer na die winkelkompleks waar daar op daardie stadium toe al digte rookwolke bokant die kompleks gehang het.

Wat het geword van die Blanke-onderwysers wat julle ontset het? -- Ons het hulle uitgevoer tot by die hoofweg reg langs die Swartwoonbuurt en hulle is na veiligheid gebring.

U sê julle het terugbeweeg na die winkelkompleks waar

... / digte

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

digte rookwolke was. Wat het toe verder gebeur? Wat merk julle op in die strate? -- Daar was toe 'n grootskaalse oproerigheid gewees in die straat. Klippe is gegooi en voertuie is omgekeer.

Klippe is gegooi waarheen? -- Na die polisievoertuie, want die onluste-eenheid was op daardie stadium toe reeds by ons gewees.

Is dit net na die polisievoertuie wat die klippe gegooi was? -- En ook na raadslede se huise, polisiemanne se huise.

Watter raadslede praat u nou van se huise? -- Ek kan nie spesifiek hulle name noem nie.

Ja, maar ek meen, is dit nou Stadsraad van Kroonstad of watter raadslede is dit? -- Dit is die Swartstadsraad van Seeisoville Swartwoonbuurt.

En die huise van polisie. Wat se polisie is dit? -- SAP lede.

Wat daar in die gebied woon? -- Dit is reg.

Is die huise beskadig toe die klippe so na hulle gegooi was? -- Ja, die ruite is stukkend gegooi.

U sê u het ook opgemerk dat motors aan die brand gesteek is? Omgekeer en aan die brand gesteek is? -- Dit is korrek, ja.

Waar was die motors aan die brand gesteek? -- In die woonbuurt self.

Was hulle in die persele of waar was hulle? -- In die strate.

En deur wie is hulle omgekeer en aan die brand gesteek? -- Deur Swartjeugdiges.

Op hierdie stadium, het u enige verandering gemerk in die kleredrag of nie? -- Ja, op hierdie stadium het ek UDF T-hemp opgemerk by verskeie Swartjeugdiges.

Terwyl julle daar beweeg het, het julle by die winkelkompleks

... / uitgekom

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

uitgekom of was julle weer ontbied na 'n ander plek toe?-- Ons het ook stilgehou by die winkelkompleks, maar ons het maar deurentyd rondbeweeg in die Swartwoonbuurt. Ons was op 'n stadium ook ontbied na die Swartburgemeester van Seeisoville se huis.

Wat het julle daar gevind? -- Met ons aankoms daar het ons gemerk dat 'n voertuig, 'n Kombi, op sy dak lê en dat 'n voertuig uitgebrand is.

HOF : Was die Kombi op sy dak en uitgebrand of was die Kombi nie uitgebrand nie? -- Nee, die voertuig was uitgebrand.

'n Kombi is ook 'n voertuig? -- Dit is reg, maar die Kombi was net omgekeer.

Wat was uitgebrand? 'n Motorkar? -- 'n Motorkar, ja.

MNR. JACOBS : Wie se motor was dit? Waar was hy gewees? -- Dit was reg voor die huis van die burgemeester. Dit is sy eiendom self.

So, ons het 'n motorkar wat uitgebrand was daar. Wat nog? -- Daar was ook 'n Kombi wat ock beskadig was in sy erf self.

Hoe was hy beskadig? -- Hy was omgekeer.

Die huis self, het dit iets makeer? -- Die huis se ruite - al sy ruite was beskadig en stukkend gegooi.

Terwyl julle nou daar gestop het en julle waarnemings gedoen het, het daar enigiets teenoor julle plaasgevind? -- Ja, ons is ook aangeval met klippe en ek het ook gemerk dat dit deur persone gegooi is wat UDF T-hemde dra.

HOF : Wat is 'nUDF T-hemp? Is dit 'n T-hemp met die letters "UDF" op of is daar 'n soort embleem op? Wat verstaan u onder 'n UDF T-hemp? -- Daar is twee soorte wat ek al gesien het. Die een is geel en die ander een is wit met 'n groep Swartmense wat marsjeer op die borsvoorkant en bo staan "UDF Unites" en onder staan "Apartheid Divides".



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Kom dit voor op altwee, die witte en die gele? -- Dit is korrek, ja.

Toe julle nou daar onder klippe gesteek is, het julle toe daar gebly of wat het julle gedoen? -- Nee, ons het ook op hierdie persone gevuur en maar weer in die Swartwoonbuurt inbeweeg.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Is dit met die haelgewere? -- En stoppergewere, ja.

MNR. JACOBS : Wat het gebeur nadat julle op hulle gevuur het? -- Hulle het weggehardloop, maar telkens agter die huise te voorskyn gekom en weer klippe gegooi.

U sê julle het later wegbeweeg. Is julle toe die woonbuurt in? -- Ja, patrollies gery.

Het u enigiets omtrent trekkers daar gesien? -- Dit is korrek. Ek het gemerk dat vier trekkers wat aan die Gemeenskapsraad, Ontwikkelingsraad behoort wat totaal uitgebrand is.

Hierdie trekkers, waarvoor word hulle gebruik? -- Hulle word gebruik om asblikke te vervoer. Om rommel te verwyder.

Is dit nou vir die skoonmaak in die woonbuurt self? -- In die Swartwoonbuurt self, ja.

Waar was hulle uitgebrand? Was dit op persele self of waar? -- In strate van die Swartwoonbuurt self.

Hoe lank het hierdie oproer wat u nou beskryf het aangehou? -- Dit het sporadies aangehou die heeldag totdat dit begin skemer raak het.

Toe dit skemer raak, wat het toe gebeur? -- Ek kan maar sê die oproerigheid het begin einde kry.

Het dit bedaar?-- Bedaar, ja.

Gedurende hierdie dag, tydens die oproer, is daar enige van die Swartmense beseer of gewond of gedood? -- Daar is verskeie beseer, ek weet nie die getal nie, maar ek weet

... / spesifiek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

spesifiek was daar ek dink twee doodgeskiet die dag.

Was u op die toneel waar hulle geskiet was by daardie gebeure? -- Nee, glad nie.

Op 18 Februarie 1985 het die begrafnis plaasgevind van een van hierdie persone wat daar gedood is? -- Dit is korrek.

Waar het hierdie begrafnis plaasgevind? -- Dit het by die begraafplaas plaasgevind van die Swartwoonbuurt self.

Is dit Seeisoville? -- Seeisoville.

Het die polisie die begrafnis bygewoon? -- Dit is korrek, maar, as ek dit so kan stel, ons het 'n lae profiel gehandhaaf. Ons wou nie inmeng met die begrafnis self nie.

Julle het net 'n waarneming gehou oor die begrafnis? -- Dit is korrek, ja.

Was u deel van die waarnemingspan? -- Ek was deel gewees, ja.

Het u 'n verkyker gehad? -- Ja, ek was toegerus met 'n verkyker.

Waar was u gewees met u waarneming? Aanvanklik of aan die begin? -- Aan die begin was ek by die polisiestasie gewees en ek het die huis dopgehou van bo af van 'n Caspir pantservoertuig.

Wie se huis? -- Die skare was saamgedrom by die huis van die oorledene.

En daarvanaf kon u hulle dopgehou het met 'n verkyker? -- Van die polisiestasie af met 'n verkyker.

Wat het u opgemerk? -- Ek het opgemerk dat die Swartes by die huis is van die oorledene en toe later in 'n optog beweeg het na die begraafplaas.

Eers net by die huis. Kom ons bepaal ons by die huis. Kan u vir ons sê hoe groot die skare was wat u dopgehou het? -- Dit was baie gewees. Dit moes 'n paar duisend gewees het,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sê tweeduisend of meer.

U het die skare met die verkyker bekyk, sê u. Wat kon u opmerk omtrent kleredrag? -- Toe hulle nader begin beweeg verby die polisiestasie of naby die polisiestasie kon ek opmerk dat hulle UDF T-hemde en AZASUM T-hemde ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Die UDF T-hemde, is dit dieselfde as wat u netnou beskryf het? -- Dit is korrek, dit is dieselfde.

Nog? -- AZASUM T-hemde en ook AZAPO T-hemde.

Beskryf vir ons die AZASUM T-hemp? -- Die AZASUM T-hemp is 'n donkergeel T-hemp ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat is AZASUM? -- Dit is die Azanian Students Movement organisasie.

Hoe lyk sy T-hemp? -- Dit is 'n donkergeel T-hemp, 'n mens kan amper sê dit is oranje en dan het hy 'n swart blok voor waar ek dink 'n boek op is en afbeeldings van Swartpersone se koppe op. Agter op die T-hemp staan "Azanian Studens Movement".

MNR. JACOBS : As u nou sê agter op die T-hemp, is dit nou op die rug? -- Op die rugkant.

Op die rug as die persoon hom aan het? -- Dit is korrek.

En nog? -- En AZAPO T-hemde wat ook geel is.

HOF: Waarvoor staan AZAPO? -- Azanian African People's Organisation.

Dit is 'n geel T-hemp? -- Voor op die bors is 'n swart hand geteken wat kettings breek en op die rugkant van die T-hemp staan in groot swart letters "AZAPO".

K20 MNR. JACOBS : Enige verderes? -- Nee, verder net burgedrag en ek het ook gemerk dat daar 'n vlag teenwoordig is.

Wat se vlag? -- Dit is 'n tuisgemaakte vlag, soos wat 'n mens kon uitmaak. Dit lyk soos 'n stuk laken.

... / Watter

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Watter kleur? Beskryf vir ons hierdie vlag? -- Die vlag was omhoog gehou. Dit was 'n wit vlag, soos ek sê dit lyk soos 'n laken en daar was met swart verf op geskryf "We are not fighting to bury our heroes. Yes to SRC's."

HOF : Dit staan vir Student Representative Councils?-- Ja.

MNR. JACOBS : Die persone het toe wegbeweeg van die huis af, sê u en is verby die polisiestasie? -- Dit is korrek.

Wat was die gedrag van die skare soos hulle daar gestaan het en so wegbeweeg het? -- Die skare het gedans en geskreeu en gebalde vuiste omhoog gehou en telkens as hulle die polisie opgemerk het, het hulle gefluit in ons rigting en die Swartvrouens het ook hulle rokke opgelig vir ons.

Het hulle gesing of enigiets van die aard? -- Hulle het gesing.

Weet u wat hulle gesing het? -- Wat hulle spesifiek gesing het, kon ek nie uitmaak nie.

Was dit in 'n Bantoetaal?-- Dit was in 'n Bantoetaal, ja.

Was daar enige slagspreuke of enige tekens gegee? -- Net gebalde vuiste in die lug.

Hoe bedoel u nou? Het hulle met albei vuiste ... -- Die Swartmagteken met een hand of albei hande.

En slagspreuke geskreeu? -- Slegs "Amandla", wanneer hulle 'n gebalde vuis in die lug sit, wat ek kan onthou.

Het die skare geantwoord as iemand dit skreeu? -- Ja, hulle het almal saam geskreeu.

Het die lyk ook saam met hierdie stoet beweeg toe hulle daar wegbeweeg het van die huis af? -- Dit is korrek. Die lykswa was, kan 'n mens maar sê, in die middel van hierdie optog gewees wat beweeg het na die begraafplaas.

Vertel vir die Hof wat gebeur toe verder? Hulle is toe na die begraafplaas toe? -- Die stoet het baie stadig

... / beweeg

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beweeg en op 'n stadium het ek opgemerk dat van die skare het die kis agter uit die voertuig probeer haal. Dit het egter gelyk asof die persone stry en die kis is weer teruggeplaas agter in die lykswa.

Het julle saam beweeg met hierdie skare, agter hulle aan of voor hulle uit? Wat het julle gedoen? -- Ons was verskeie voertuie en ons het elke keer gesorg dat ons net 'n straat langs die optog is, sodat ons net nou en dan 'n ogie oor die skare kan hou.

Het julle ook beweeg na die begraafplaas toe? -- Dit is korrek.

Maar altyd met 'n blok woonhuise tussen julle en die skare? -- Dit is korrek.

Het julle so beweeg tot by die begraafplaas? -- Tot by die begraafplaas.

By die begraafplaas, was daar iemand daar gewees toe julle daar aangekom het voor die skare of wat is die posisie? -- Met ons aankoms by die begraafplaas was daar reeds 'n groot groep Swartes wat gewag het by die terrein self.

Kan u vir ons sê hoe was hierdie groep geklee wat julle daar ingewag het? -- Baie was in burgerdrag geklee, maar ek het ook UDF T-hemde en COSAS T-hemde gesien.

Die UDF T-hemde is soos die wat u reeds beskryf het? -- Wat ek reeds beskryf het. Dit is reg.

En die COSAS T-hemp? -- Die COSAS T-hemp is wit en dan bo staan in groot swart letters "COSAS" wat Congress of South African Students beteken met 'n tipe van afbeelding van Afrika met twee Swartkinders se gesigte daar op. Agter op die T-hempie op die rugkant staan daar geskryf "Each one teach one."

Wat was die houding van hierdie groep wat daar by die begraafplaas gewag het teenoor julle as polisiebeamptes toe

... / julle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

julle nou daar opdaag? -- Ek het die indruk gekry dat hierdie groep daar was om die polisie te tart, want Swartvrouens het weer eens op onwelvoeglike wyse hulleself vertoon en gefluit in ons rigting en ook gebalde vuiste gehou in die lug.

Het hulle enigiets geskreeu na julle toe? -- Ek het weer die slagspreuk gehoor "Amandla Ngawethu".

Die begrafnis is nou daarso aan die gang. Wat gebeur toe? -- Ons en die reaksie-eenheid, die onluste-eenheid het plus-minus 150 meter van die begraafplaas af stelling ingeneem in die veld self.

En het hulle toe voortgegaan met die begrafnis? -- Hulle het voortgegaan met die begrafnis.

Goed? -- Die landdros het 'n beperking op die begrafnis geplaas wat hy sekere reëls neergelê het, waar hy onder andere ook vir hulle 'n spesifieke tyd gegee het wat hulle moet klaar maak met die begrafnis. Hulle het egter hulle tyd oorskry en die hoof van die onluste-eenheid het met 'n Landrover, 'n veld-voertuig nader beweeg na die graf self en saam met 'n Swarte en hulle het in albei tale in Afrikaans en Engels en ook in Suid-Sotho die skare gewaarsku dat hulle tyd oorskry is en dat hulle tien minute het om klaar te maak met die begrafnis.

Wat was die reaksie gewees?-- Die skare het egter gefluit na die voertuig toe en ook geskreeu.

Weet u hoe lang tyd gegee was vir die begrafnis? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie. Ek kan nie meer onthou nie.

Goed, daar is nou vir hulle tien minute gegee om klaar te maak? -- Dit is reg. Die voertuig het toe weer teruggetrek na waar die ander polisiemanne wag en na tien minute weer nader beweeg en die mense weer gewaarsku dat hy hulle nog net vyf minute gee om uiteen te gaan.

Kon u van u waarneming gesien het of die kis toe al in

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die graf gelaat is en of die begrafnis klaar was? -- Nee, ek kon nie sien of die kis in die graf was nie, want die mense het die graf toegestaan. Later het ek verneem dat die kis reeds op daardie stadium in die graf was.

Na die verdere vyf minute? -- Toe het die kolonel opdrag gegee dat die onluspolisie met traangas die skare uiteen jaag.

Was hulle toe met traangas uitmekaar gejaag? -- Ja.

Het hulle toe wegbeweeg van die begraafplaas af? -- Hulle het toe wegbeweeg van die graf self af en die Swartwoonbuurt ingehardloop.

Op 21 - daar het nie verdere insidente plaasgevind van klipgooiery of iets van die aard nie? -- Nee, nie op hierdie dag nie. Dit was alles rustig.

Op 21 Februarie 1985 was die ander slagoffer wat u gemeld het se begrafnis? -- Dit is korrek, ja.

Was u weer deel van 'n eenheid wat observasie gehou het? -- Dit is korrek.

Weer gewapen met 'n verkyker? -- Dit is korrek.

Was julle weer in die nabyheid van die huis van die slagoffer in hierdie geval gewees? -- Toevallig was albei huise baie naby aan die polisiestasie gewees. Ons het weer by die polisiestasie self gewag.

En het u waarnemings gedoen ook op die huis waar die begrafnis dan plaasgevind het? -- Dit is korrek, ja. Die skare het toe weer in 'n stoet begin beweeg na die begraafplaas.

As u sê die skare, hoe groot was dit ongeveer? -- Dit was baie gewees. Ek sal maar weer skat tweeduisend na drieduisend mense. Soos die stoet beweeg het, het die mense kort-kort bygekom vanuit die huise uit.

Hoe was die mense geklee? -- Wat ek weer eens kon merk UDF T-hemde. Dit is al wat ek op hierdie stadium onthou wat



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ek by die tweede begrafnis gesien het.

HOF : En siviele klere of geen siviele klere nie? -- Ja, en siviele klere.

MNR. JACOBS : En soos die stoet beweeg het, wat het die mense gedoen? -- Die mense het maar weer soos met die eerste begrafnis gesing en gebalde vuiste in die lug gehou. Ek het ook gemerk dat 'n sekere Kleurlingman, Dennis Victor Bloem, wat 'n ondersteuner is van die United Democratic Front voor op die lykswa se enjinkap sit met 'n UDF T-hemp aan.

HOF : Op die enjinkap van die lykswa? -- Dit is korrek. Hy het met 'n gebalde vuis omhoog gesit.

MNR. JACOBS : Watter vuis is nou in die lug? -- Ek dink dit was sy regterhand. Ek is nie seker nie. Ek kan nie onthou nie.

By die begrafnis het die begrafnis toe aan die gang gekom en wat is opgemerk? -- Die begrafnis was hierdie slag vreedsaam. Hulle het binne die beperkte tyd wat vir hulle gegee is klaargemaak. Daar was geen insidente gewees nie.

Daar by die graf? -- Dit is korrek.

Het daar enige ander voertuie of iets daar opgedaag? -- Daar was net heelwat voertuie gewees wat aan die skare behoort het wat agter die hardlopende massa aanbeweeg het wat self op die terrein was.

Nou is die begrafnis klaar. Waar was die polisie op daardie stadium? -- Ons was weer eens in 'n Caspir voertuig wat agter die begrafnisgangers was en 'n Landrover was ontplooi by die beginpunt van die Swartwoonbuurt as jy by die begraafplaas uitkom.

Toe is die begrafnis nou klaar. Is dit reg? -- Dit is reg.

Wat gebeur toe? -- Ek kan nie sê presies wat gebeur het

.../ nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie, maar dit 'n lang grondpad wat smal is wat almal moet opbeweeg tot in die Swartwoonbuurt en die voorste groep motors het tot stilstand gekom en Swartes het uit die voertuie uitgespring. Die polisie het begin traanrook skiet en ek het gesien ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Maar voor hulle nou begin traanrook skiet, wat doen hulle toe hulle uitspring? -- Hulle het klippe opgetel en begin gooi na die polisievoertuig.

Het u observasie gehou op hierdie motors en enigiets opgemerk, enige persone wat u ken wat daar uitspring? -- Toe hulle begin klippe gooi het ek die voertuig dopgehou waarin Kleurlingman Dennis Bloem was. Hy het agter in die voertuig gesit saam met nog 'n persoon wat 'n UDF T-hemp aangehad het.

Kon u op daardie stadium die persoon herken in die voertuig? -- Nee.

Ja? -- Die voertuig het ek spesifiek dopgehou, want ek het geweet dit is Dennis Bloem s'n. Die voertuig het ook tot stilstand gekom en ek het gesien dat hy uitspring saam met die ander persoon wat die UDF T-hemp aangehad het en deur die verkyker kon ek toe sien dat die ander persoon wat saam met hom was, 'n Swarte is wat ek al baie gesien het op foto's en pamflette. Hulle noem hom Terror Lekota.

Net voordat ons verder gaan daarmee. Hoekom het u die voertuig van Dennis Bloem dopgehou? -- Ek wou sien wat sy reaksie is as hulle in die Swartwoonbuurt inbeweeg. Of hulle nie dalk die skare aanhits nie.

Sien u die Terror Lekota wat u van praat hier in die hof? -- Ja.

Waar is hy? -- Hy sit in die agterste bank derde van my regterarm af.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Beskuldigde nr. 20.

MNR. JACOBS : U sien die twee het toe nou uitgespring, een wie u geïdentifiseer het as Bloem en die ander as Terror Lekota, beskuldigde nr. 20. Wat gebeur toe? -- Die persone het ook weggehardloop en gebuk en klippe opgetel en na die polisie gegooi.

MR CHASKALSON : I want to object. I do not know if there is going to be - there is no incident like this alleged in the indictment at all and really, if My Learned Friend is now going to start investigating matters which are not part of the indictment, Mr Bloem is not alleged to be a co-conspirator, Mr Lekota is not alleged to have done anything there and the case is large enough already without our being called upon to face what seem to be matters outside the framework of the indictment at this stage.

HOF : Mnr. Jacobs, hoe pas dit nou in by wat u beweer het teen die beskuldigdes in die stukke?

MNR. JACOBS : Dit is deel van die hele opset, van hulle hele aktiwiteite. 'n Mens kan seker nie elke besondere insident wat hulle gedoen het in so 'n akte van beskuldiging noem nie. Dit is 'n deel van die groot geheel van die sameswering en die uitvoering daarvan. Wat die besonderhede betref, op bladsy 79 van die nadere besonderhede word daar byvoorbeeld in paragraaf 18 spesifiek verwys na Seeisoville "Sedert Februarie 1985 en UDF, COSAS, AZAPO, AZASUM georganiseer en het intimidasie, geweldpleging en oproer plaasgevind."

HOF : Maar u het 'n besondere lang lys gegee van wat beskuldigde nr. 20 sou gedoen het, watter vergaderings hy sou bygewoon het of toegespreek het. Is dit deel van daardie lys dat hy by hierdie begrafnis was en dat hy daar deelgeneem het aan die organisasie?

... / MNR. JACOBS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Nee, die vergaderings wat die beskuldigde toegespreek het, elke vergadering is 'n daad op sy eie waar mense opgesweep is. In hierdie geval kan ek nie sê dat beskuldigde persoonlik daar georganiseer het nie, maar ons kan sê dat UDF, ons probeer bewys dat UDF en die organisasie sou daar saamgewerk het en dat daar geweldpleging - en dan wys ek dat daar - die mense wat in die geweldpleging betrokke was.

HOF : Maar wat is u bewering presies in die stukke wat UDF betref, wat die organisasie betref? Landswyd of net in die Vaal Driehoek?

MNR. JACOBS : Op bladsy 76 van die besonderhede, die laaste paragraaf daarin "Die Staat beweer verder dat die beskuldigdes hetsy as lede van die bestuurstruktuur van UDF of as lede van organisasies wat met UDF geaffilieer is - het of aktief ondersteun het, bewus was van die organisasie en mobilisering van veral die Swartmassas rondom verskillende kampanjes van die UDF in die Republiek van Suid-Afrika en hulle vereenselwig het en aktief meegewerk het in ten minste ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : Daar beperk u dit tot die Vaal Driehoek?

MNR. JACOBS:"...in ten minste die Vaal Driehoek met die algemene doel om deur die organisasie van mobilisering van die massas verskillende organisasies onder UDF te gebruik en die massas, veral die Swartmassas tot geweldpleging op te sweep en te lei in die Republiek van Suid-Afrika of dele daarvan onregeerbaar te maak."

HOF : Die gedeelte, beperk dit nie hierdie dade tot die Vaal Driehoek nie? Dit is die punt wat ek u van begin af gevra het. U het 'n aantal vergaderings genoem, spesifiek wat beskuldigde nr. 20 betref en die vergaderings is nie noodwendig beperk tot die Vaal Driehoek nie, maar tog aktiewe optrede,

... / organisasie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

organisasie en opstoking van die Swartmassas het u tog seker beperk tot die Vaal Driehoek in die stukke?

MNR. JACOBS : Die klagstaat, as ek hom reg verstaan, die hele opset van die klagstaat, is dat die UDF het georganiseer op 'n landswye basis om die mense op te sweep tot rewolusie en in werklike gevalle waar dit dan gerealiseer het, het ons spesifieke gevalle. Die belangrikste daarvan was die Vaal. Daarom is 'n hele daad spesifiek op die Vaal afgesonder.

HOF : Maar luister nou, mnr. Jacobs, as ons nou elke opstootjie en elke voorvalletjie vanaf die Kaap tot Messina moet gaan behandel in hierdie saak, dan gaan ek drie jaar of vier jaar op hierdie saak sit. Is dit werklik nodig, eerstens, en tweedens, word dit gedek deur u stukke?

MNR. JACOBS : Ek reken dit word gedek deur die stukke.

HOF: Hierdie getuienis wat u lei dat beskuldigde nr. 20 by die begrafnis was en dat hy klippe gegooi het, waar pas dit in?

MNR. JACOBS : Dit pas ten minste in by Seeisoville wat ek nou daar vir die Hof gelees het op bladsy 79. Die Staat het nie elke opstootjie in die land gekies nie. Daarom, om 'n verteenwoordigende beeld te gee van oor die land, het ons hierdie, ek dink dit is 32 plekke, uitgesoek wat hier genoem is waar daar spesifiek en doelbewus gewelddadige opstote was. 31 plekke.

HOF : Gaan u nou getuienis lei oor wat in elke van die 31 plekke gebeur het?

MNR. JACOBS : In plekke soos hierso in Seeisoville sal ek net die kern wys en waar daar beskuldigdes persoonlik teenwoordig is, sal ek dit net betrek. Verder sal dit net in die algemeen wees om vir die Hof dan die beeld te gee, die getuienis te gee dat daar het werklike opstote plaasgevind op hierdie plekke en wie min of meer georganiseer het en is dit 'n

... / gesamentlike

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesamentlike aksie teen hierdie mense. Die 32ste plek is dan natuurlik die Vaal wat in detail gaan, waar ons meer in detail dit vir die Hof sal gee.

HOF : Gaan u getuienis wees dat by elkeen van die opstootjies daar teenwoordig was 'n lid of bestuurslid van die UDF? Of 'n beskuldigde?

MNR. JACOBS : Ons kan dit nie by al die plekke bewys nie. Maar ons sal darem skakeling kan kry in die dokumente van UDF. Ons reken dat ons moet dit beweer en in 'n mate bewys, want ons probeer dat UDF wil die land onregeerbaar maak. Hoe kan ons dit bewys as ons net in die Vaal kom en dit word dan naderhand gesê maar dit is nie die land hierdie nie. Ons bewering is 'n land wat onregeerbaar gemaak word, dat 'n rewolusie landswyd opgesweep word en dat hierdie - ons reken ons moet op sekere plekke vir die Hof bewys dat daar is wel so 'n ontwikkeling dat mense landswyd oorgaan na geweldpleging en dat UDF en sy organisasies 'n groot aandeel het in hierdie of dat hulle agter hierdie landswye organisering en mobilisering van die massas is en dat dit uitloop op geweld. Ek mag net noem, sover in hierdie getuienis al, as ek dit mag sê, het ons die organisasies wat daar is, die mense wat daar is, het al basis, hulle kleure. Ons sal probeer im te bewys dat die organisasies wat daar georganiseer het COSAS of wat ook al die organisasie was wat daar opgetree het, civics of enigiets van die aard, is deel van wat ons beweer die sameswering tussen die organisasies van UDF onder die naam ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gaan u aantoon dat by elkeen van hierdie voorvalle daar teenwoordig was ondersteuners van die UDF en dat by 'n aantal van die voorvalle teenwoordig was bestuurslede van die UDF.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Ons sal nie by almal kan bestuurslede op die toneel plaas nie, maar ons sal kan ander getuienis kry wat die Hof kan regverdig om die afleiding te maak dat die UDF daar is. Nou by betrokke is en deel is van daardie sameswering, deel is van die geweldpleging wat ontwikkel.

... / MR CHASKALSON

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR CHASKALSON: The objection at the moment is this that as I understand it My Learned Friend is about to lead evidence of something which is alleged to have been said or done by a Mr Bloem who is not alleged to be a co-conspirator and therefore anything done by Mr Bloem is irrelevant and should not be part of this case.

COURT: Well then one can also say that anybody who threw a stone at somebody, that evidence would be irrelevant unless he is a co-conspirator. I think one must take that just as background.

MR CHASKALSON: Well if it is going to be just as background I do not, I think a lot of this evidence is going to be irrelevant. I think that is part of the problem with a conspiracy case. One finds oneself in the situation that an immense amount of evidence is led during the course of the case and when one reaches the end of it very frequently more than fifty percent of the evidence that has come before the Court is irrelevant, it has never been linked up properly. The defence are in the position in which they just do not know when to obejct and when not to object because they do not know what its relevance is going to be and how it is going to be linked up and very frequently it is never linked up. But the particular, I have two particular objections as the moment and that is that if you intend to allege, I am not sure what the nature of the evidence is going to be but if you intend to lead evidence of a particular, let me put it this way, an act of misconduct on the part of an accused I think it is fundamental that that in itself constitutes a part of an offence, but that should be averred. Now the accused asked what they did, nobody said that Mr Lekota did anything at Seeisoville. Now My Learned Friend seems to

be/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

be wanting to lead evidence about what Mr Lekota did at Seeisoville. That is outside the indictment. It is not suggested he did anything at Seeisoville. I am going to, and my objection is that if there are specific acts alleged on behalf of specific people, or evidence is going to be given of specific acts by specific people as opposed to the general allegation that, made at page 79, then that should, the names of those people should figure as co-conspirators and where it is an accused person the accused should be told that that is going to be part of the case against him.

COURT: But why should all names figure as co-conspirators? If it is alleged that there was a conspiracy to create a disturbance then surely everyone who participates in the disturbance is not a co-conpirator, he is merely part of the disturbance?

MR CHASKALSON: No that would be right, you would then have to show that that person ....

COURT: Then you should have to show that somebody caused the disturbance and organised with somebody else to cause the disturbance. But each participant in the disturbance is not necessarily a co-conspirator. That would apply to Mr Bloem.

MR CHASKALSON: If the evidence is tendered on that basis.

COURT: Well I cannot exclude it if it is tendered because it can be admissible on that basis.

MR CHASKALSON: If it is tendered on that basis and for that limited purpose yes, but his act then does not become an act which in any way affects the accused other than that, unless it is shown that the accused caused Mr Bloem to do that.

COURT: Well if one allows the witness to testify as to what an unnamed person did you cannot very well stop him to testify

as/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

as to, to give evidence as to what somebody did whom he knows, and then give his name.

MR CHASKALSON: As long as it is tendered on that basis.

COURT: Now that brings us to the next objection. Can you indicate to me where in the Request for Particulars did you ask for particulars of exactly what each accused did?

MR CHASKALSON: My Lord, I am not sure, we are looking into the indictment to see that.

COURT: I think I will take the adjournment now Mr Chaskalson and then you can go into the matter because this problem I am sure will arise in future as well and we had better sort it out now.

MR CHASKALSON: There is another matter too My Lord and that is, while I am on my feet I should raise it, and that is all that the indictment says is "Sedert Februarie 1985 het UDF, COSAS, AZAPO, AZASUM georganiseer en het intimidasie, geweldpleging en oproer plaasgevind." That is at page 79. Now ...

COURT: Was there a further request to that as to who did the organisation because somebody has to organise on behalf of UDF?

MR CHASKALSON: What we asked for, this came in through the further particulars and what we at that stage, it was during the hearing when we indicated to Your Lordship that we would be anxious to make admissions, and at that stage we asked for details of the sort of evidence which was going to be led in regard to the damage, the nature and everything so that we could consider it and we understood that that was what was going to happen and we saw no purpose therefore in going further and asking for precise details of everything. I am not saying that this evidence is inadmissible, it is covered by that. The difficulty which we have is we thought that we

were/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

were going to be told and asked to make admissions and that a good deal of this evidence would become inadmissible, not inadmissible, would become unnecessary.

COURT: Common cause.

MR CHASKALSON: Yes. So ....

COURT: I was also wondering while the evidence was being tendered as to whether I should listen to all this type of evidence and whether there cannot be an agreement that on this date there was this sort of disturbance in this and this place. But no doubt the State is entitled to place before me some evidence as to indicate what the nature of the disturbances are, otherwise I have got to rely on the television. But this paragraph 18 on page 79 has two allegations actually. The last one is that a disturbance took place and the first one is that UDF, COSAS, AZAPO, AZASUM organised that disturbance. Now would it not be admissible to lead evidence that a very important official of the UDF was present at a particular disturbance and the moment you say that that evidence is admissible would it not also be admissible to leave evidence of exactly what he did? Because that tends to prove or disprove that he organised it.

MR CHASKALSON: Well it says that, well it does not actually say that they organised the intimidation but I think it says that, one could read that possibly as saying that they organised and following their organisation intimidation, violence en oproer plaasgevind. The way it is put "Sedert Februarie het UDF, COSAS, AZAPO, AZASUM georganiseer en het intimidasie, geweldpleging en oproer plaasgevind."

COURT: Well it may be that the State asks me to find either the one or the other, the one being that they organised the disturbance, the other that they organised the funeral as

such/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

such for their own purposes. I do not know what is coming you see.

MR CHASKALSON: Well that is not what has been alleged, it is not alleged that they organised the intimidation, geweldpleging en oproer. What is alleged is that they organised and that following their organisation intimidation, geweldpleging en oproer took place. In other words there is no suggestion anywhere in the papers that they directly, and not even in relation to the Vaal Driehoek, that it is all put on in the question of contemplation, you carried out certain organisation and then you contemplated something might happen and something did happen. So there is no direct suggestion that the UDF, COSAS, AZAPO and AZASUM directly organised specific acts of intimidation, violence or oproer.

COURT: Yes, very well I will take the adjournment now and you can continue your address later on.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

COURT: Yes Mr Chaskalson?

MR CHASKALSON: My Lord I think the starting point is really the indictment itself. If one goes to Volume 4 of the indictment there is a paragraph ....

COURT: Have you got a page number?

MR CHASKALSON: It is Volume 4, page 267, and paragraph 66 and 67 are the paragraphs which seem to be relevant. 66 starts off with the allegation that "Gedurende die tydperk Augustus 1983 tot einde April 1985 en op verskeie plekke in die areas A het UDF en/of organisasies of liggame wat UDF aktief ondersteun ter bevordering en/of uitvoering van bogenoemde sameswerings en ter bevordering en/of uitvoering van bogenoemde doelstellings van die ANC en SAKP of van UDF of van albei genoemde doelstellings in die uitvoering

van/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die UDF en/of ANC en SAKP se kampanje om die regering in die RSA se beleid en wetgewing ten aansien van die verskillende vorme van gesagsdele en in besoder ten opsigte van Swart plaaslike besture sowel as wetgewing rakende beheer oor Swart burgers in die Republiek van Suid-Afrika te gebruik om die massas en veral die Swart massas in die RSA te organiseer, te mobiliseer..." etcetera. So this is directed to the campaign against Black local government and wetgewing rakende die beheer oor Swart burgers in die Republiek. There was a campaign on a "landswye basis". And then sub-paragraph (1) tells us what that campaign was and Your Lordship will see in sub-paragraph (1) a great deal of attention is given to Black local government. And that carries on for a number of pages and then there is an averment in sub-paragraph (2) that all campaigns of the UDF had to be implemented by activists and then in paragraph (3) there is a reference ...

<u>COURT</u>: At page?

<u>MR CHASKALSON</u>: Sorry page 273, it is all part of 66. There is a reference to the role of activists and affiliates.

<u>COURT</u>: Can we just pause there a moment. The names of Messrs Chikane, Molefe and Lekota are specifically mentioned and it is stated that the principle has been accepted that all organisations affiliated to the UDF or supporting the UDF actively should actively support all campaigns of the UDF.

<u>MR CHASKALSON</u>: I will come to that when we look at the particulars.

<u>COURT</u>: I see.

<u>MR CHASKALSON</u>: But there is that averment in regard to the accused there and then Your Lordship will see that sub-paragraph (4), that we are still dealing with "plaaslike,

burgerlike/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

burgerlike gemeenskapsorganisasies" and "moet, hierdie kampanje moet opneem en voer". That is again the campaign against Black local authorities essentially. And laws affecting the, I think I gave Your Lordship the reference a little earlier to the campaigns which were referred to. And then paragraph (5), that the activists had to give leading to "hierdie besondere kampanje" and how they had to do it. Sub-paragraph (6) there had to be co-ordination and reporting back "van hierdie kampanje te bevorder". Sub-paragraph (7) "en is hierdie spesifieke kampanje", page 275, "op 'n landwye basis deur veral burgerlikegemeenskaps organisasies wat met UDF geaffilieer is in Swart woongebied opgeneem en gevoer, ooreenkomstig bogenoemde leiding en opdragte" and then a whole of organisations are named. "Dat die massas oorgegaan" and then the averment there made is at the bottom of page 275, the reference to the, "en is hierdie spesifieke kampanje", now this is a reference to the campaign which is identified earlier in paragraph 66 of the indictment, "is hierdie spesifieke kampanje op 'n landwye basis deur veral burgerlike gemeenskaps organisasies wat met UDF geaffilieer is in Swart woongebiede op te neem en te voer ooreenkomstig bogenoemde leiding en opdragte en het werkers, jeug, vroue en studentorganisasies, genoemde burgerlike gemeenskaps organisasies ondersteun en op verskillende plekke in die Republiek van Suid-Afrika daarin geslaag om die massas sodanig op te sweep, te organiseer, te mobiliseer, etc. dat die massas oorgegaan het tot geweldpleging en/of intimidasie sodat", and then a whole lot of consequences are referred to. And then if I could look at 67 at the same time. Your Lordship will see at 67 there is a reference that "gedurende die tydperk van 20 August tot en met einde April 1985" then there is a

reference/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

reference to the activities of activists and officials, and it is tied at the bottom of 67, "se kampanje om die regering in die RSA se beleid en wetgewing aangesien van Swart plaaslike besture en sogenoemde Koornhof wetgewing te gebruik om die massas en veral die Swart massas op te sweef" and then there is a reference again to what people did pursuant to this. And then there is a reference to particular acts of particular people done in pursuance of that campaign. And a whole series of actions are then set out in paragraph 67 dealing, where incidents are identified and activities and actions are specified. Now it is against that background that certain questions were asked and the request for particulars, the first request for particulars Your Lordship will see is in paragraph 27 of the Request for Particulars deals with this but specifically paragraph 27.5 asks a question in regard to paragraph 66.6. Now at the request for Particulars page 37. So Your Lordship will have seen that the campaign which we are here concerned with is a campaign against local government and the Koornhof laws. That is the identifiable campaign. It is in relation to that that a whole lot of things are said to have happened and 27.5 a series of questions are asked, and if I might turn to the question at 27.6.4, at page 39. "Is it alleged that any of the accused or any of the co-conspirators or any of the parties to the common purpose directly or indirectly encouraged violent conduct with the results contemplated in this paragraph? If so then in respect of each such accused and each such person full particulars are required of the acts relied upon indicating in respect of each such act the date when, the place where and the manner in which it was committed." And then 27.6.5 "The State is required to furnish full particulars of precisely how the violence



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in each area in which it took place was caused by any decision/ action of any of the accused. In this regard full particulars are required of each area in which the violence is alleged to have taken place, a full and precise description thereof and a complete account of the State allegations in regard to why it is alleged that the violence in that area was the result of any particular decision or action or of any of the accused or co-conspirators or of parties to the common purpose." So these are the two questions and it is relating to this campaign against the Koornhof laws. The answer which we get, if Your Lordship will turn to page 40 of the Further Particulars, no I seem to have the, the answer is at page 76, page 40 was the request. Page 76 is where we find the answers. Now the answer is, and that is a request "Is it alleged that any of the accused or co-conspirators committed any act of violence or..." the answer is "Die propaganda waardeur die Swart massas in die Swart woongebiede opgesweef is teen raadslede en Swart plaaslike besture ...

COURT: I am sorry, 27.6.4, are you referring to that one?

MR CHASKALSON: I am sorry I must go back to 27.6.4 first yes. Now this is, we are now dealing here with first 27.6.4 and then 27.6.5, the reply at page 75 says "Elke beskuldigde het direk sowel as indirek deur deel te word van die sameswering en in die naas van 'n gemeenskaplike doel en om Swart plaaslikebesture te vernietig as deel van opset om die regering van die Republiek van Suid-Afrika buite Parlementêr te vervang met 'n sogenamde demokratiese regering van die massas en deur die kampanjes teen die regering se beleid en wetgewing te voer en die massas op te sweef teen en raadslede en stelsel van Swart plaaslike besture te peer as verwerplik en verraaiers van die Staat massas

geweldpleging/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geweldpleging aangemoedig en raadslede te intimideer. Sien verder paragraaf 8." Now if one goes back to paragraph 8 Your Lordship will there find some general allegations which are made and that is I think at page 38. Yes. Paragraph 8 is a reference back to what the accused are alleged to have done, 8.5.1, in regard to the violent, showing that they are parties to a conspiracy for the violent overthrow of the government and Your Lordship will see at the bottom of page 38 a reference to accused 19, 20 and 21. "Beskuldigdes 19, 20 en 21 was as deel van die bestuur van UDF bewus en gemoeid met en het hulle vereenselwig met die doel en het aktief meegewerk in die besluitneming, ko-ordineering en uitvoering van aktiviteite om die doel te verweesenlik." So that is all that is referred to there as far as 19, 20 and 21. They are told that because they are a part of the governing structures of the UDF that their guilt will be inferred and the allegation is here we are tied back to the campaign against the Koornhof laws. And the allegation is that as a result....

COURT: What about the last sentence which says that they had "aktief meegewerk in die besluitneming, ko-ordineering en uitvoering van aktiviteite om die doel te verweesenlik."

MR CHASKALSON: Yes that is, the doel is the, it is all tied back to the campaign against Black local government in 77.6. But perhaps I should go further to 27.6.5 now because we are asked now in that context. We have asked specifically what each accused is alleged to have done and we are told that as far as he is concerned it is his role in the general campaign and this is tied all to the consequence of Black local government, the campaign against Black local government. And then we have at 27.6., we then have at page 76 of the, 27.6.5 the answer given is this "Deur die propaganda waardeur die Swart

massas/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

massas in die Swart woongebied opgesweef is teen raadslede en Swart plaaslike besture soos in paragraaf 27.6.1 supra uiteengsit is het die Swart massas oorgegaan tot geweldpleging en was eiendom vernietig, raadslede vermoor en raadslede deur vrees en intimidasie gedwing om te bedank. Die Staat beweer verder dat hierdie geweldpleging wat ontketing was was die direkte gevolg en uitvloiesel was van die sameswering soos in the Akte van Beskuldiging beweer word, van die aktiewe organisasie, mobilisasie and kondisionering van veral die Swart massas nadat georganiseer was vir en organisasies gestig of geaffileer is deur en met UDF en onder UDF se leiding. Die Staat beweer verder dat die beskuldigdes het sy as lede van die bestuurstrakte van UDF of as lede van organisasies wat aan UDF geaffilieer het of UDF aktief ondersteun bewus was van die organisasie en mobilisering van veral die Swart massas rondom die verskillende kampanjes van UDF in die Republiek en hulle vereenselwig het en aktief meegewerk het in ten minste die Vaal Driehoek met die algemene doel om deur die organisering en mobilisering van die massas in verksillende organisies onder UDF se leiding die massas, en veral die Swart massas tot geweldpleging op te sweef en te lei om die Republiek van Suid-Afrika of dele daarvan onregeerbaar te maak. Verder verwys die Staat na sekere bewysstukke" and then "op die volgende plekke beweer die Staat het onder andere geweldpleging, oproer en intimidasie uitgebreek na organisering en mobilisering deur die organisasies hieronder aangedui." So the, everything then goes back to the framework of this indictment. The indictment is that you were parties to groups which organised, mobilised around certain issues, here specifically around the issue of Black local government and the Koornhof laws and as a result of your

organising/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

organising and mobilising Black communities went over to violence and certain violence was done in these areas. Now it is nowhere suggested that any accused committed an act of violence and there seems to be an intention now to lead evidence about an incident involving a stone and an incident involving accused no. 20. That is not in the indictment and that is not the case that the accused have been brought here to meet. They have not been brought here to meet any allegation that any one of them individually committed an act of violence, it is that they, and indeed they are told that all that they did is to co-ordinate and to launch certain campaigns the consequence of which were that certain areas violence occurred. Now we submit that it is not competent to attempt now to establish a different case against the accused and if the evidence is led for that purpose then it should not be received.

COURT: Is your objection to the fact that evidence is led that Mr Lekota was there or is your objection to the fact that evidence is led that he picked up a stone?

MR CHASKALSON: I am objecting at this stage what seems to me to be possibly an attempt to suggest that Mr Lekota performed a specific act at that time involving a stone, not that he was present at the funeral at this stage, but that there seems to be an attempt to move away from the framework of this indictment which is very complicated, into one involving certain specific acts which might be covered by the scope of the indictment but is not, which might be, which might form the subject matter of a charge of subversion or intimidation under the indictment but which is not the case which the accused has been brought here to meet. In other words that this whole reference to the 32 areas has a context and we

have/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

have prepared and guided ourselves by reference to that particular context, it was introduced as a consequence of a campaign against Black local authorities which was part of the larger campaign to make the country ungovernable and it was a result of campaign and organising that in certain areas violence occurred, and we are not here to deal with specific cases and allegations that any of the particular accused at any of these places themselves committed any act of violence. It is not particularised so we object to that.

HOF : Mnr. Jacobs, daar is twee moontlikhede. Die een is dat u stukke lees dat die amptenary van die UDF en ander mense van die UDF georganiseer het in die Swartwoonbuurte en dat dit gelei het tot geweld met sekere resultate. Die ander een is dat u akte van beskuldiging en besonderhede lui dat hulle aktief deelgeneem het aan die geweld wat hulle georganiseer het in die Swartwoonbuurte wat gelei het tot sekere resultate. Tot dusver het ek die stukke verstaan asof daar sekere persone was wat direk by die geweld betrokke was, maar ander persone as 't ware met 'n lang hand die geweld aangepor het. Ek het die stukke tot dusver verstaan dat u bewering is dat beskuldigdes nrs. 19, 20 en 21 met 'n langhand betrokke was en nie met 'n korthand nie. Waar in die stukke staan dit dat daardie persone self aan die geweld wat georganiseer is deur die UDF deelgeneem het?

MNR. JACOBS : Laat ek eers net vir u die hele kwessie net so antwoord. Ek kan net eers miskien in my gemoed, soos ek die ding reg het, dit in perspektief stel en dan sal ek graag die geleentheid wil hê om na die plekke waarna verwys is, om dit net volledig deur te gaan. Ek kon dit nou nie vinnig doen nie, maar in die saak beweer ons 'n sameswering en ons noem dit in ons akte van beskuldiging in die aanhef dat UDF

... / funksioneer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

funksioneer het deur 'n bestuurstruktuur, bestuurstrukture en die lede van organisasies wat met hom geaffilieer het. As sigself, die woord UDF kon nie ONHOORBAAR en dit is wat UDF gevorm het en dat UDF die doel het, die gewelddadige omverwerping van die regering. Nou, in die eerste instansie moet ons opset bewys in hierdie saak. Dit is 'n bewyslas wat op die Staat rus. Ons het die pleit van beskuldigde nr. 20 spesifiek gehad dat hy kom sê het hierso vir die Hof dat hy pleit onskuldig en dat UDF 'n vreedsame organisasie is. So, die eerste been waarop my argument moet staan is noodwendig, moet die Staat bewys dat dit nie 'n vreedsame organisasie is nie en my submissie is dat die Staat kan dit bewys deur hierdie tipe getuienis. So, vir opset - om opset on hierdie saak te bewys, sal die Staat verplig wees om hierdie tipe van insidente te bewys dat UDF nie vreedsaam is nie en dat mense in sy bestuurstruktuur en 'n prominente man soos beskuldigde nr. 20 dat hy selfs kontra sy stelling hier in die hof deelgeneem het waar sulke dinge plaasgevind het en dinge wat georganiseer was deur organisasies wat lede is. Met ander woorde, die lede-organisasies. Op daardie basis alleen is hierdie getuienis al toelaatbaar. Ek kan nie sien dat dit uitgesluit word op daardie basis nie, want, soos ek sê, die Staat het 'n plig, hy moet opset bewys anders kan ons maar doen net wat ons wil as ons nie hierdie tipe bewys voor die Hof plaas wat ons op die ou end vir die Hof sal vra om 'n afleiding te maak dat hierdie is 'n gewelddadige organisasie nie. As ons nie daardie getuienis voor die Hof kan plaas nie en dat daar elke keer daarteen beswaar is, dan kan ons maar vergeet van die saak. Die tweede aspek is dan nou net hierdie een. Ek het nie kans gehad om presies te volg wat My Geleerde Vriend hier gesê het nie.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF: Maar wat mnr. Chaskalson se betoog is, is, sy beswaar is nie daarteen dat beskuldigde - dat daar getuienis is dat beskuldigde nr. 20 teenwoordig was by hierdie byeenkoms nie. Sy beswaar is dat daar vrae gevra is wat ten doel het om vas te stel of die Staat beweer dat daar direk of indirek deur die spesifieke beskuldigde 'n optrede was wat die geweld aangewakker het en dat u daarop nie verwys het na hierdie voorval wat u nou oor getuienis lei nie.

MNR. JACOBS : In die eerste instansie, as ek die getuienis reg verstaan het, is dit nie hulle wat dit begin het nie, maar hulle het deelgeneem daaraan.

HOF: Nee, maar dit gaan nie oor die begin of deelgeneem nie. Die vraag wat gevra is, is "Is it alleged that any of the accused directly or indirectly encouraged violent conduct with the results contemplated in this paragraph?" Indien wel, dan waar, wanneer en hoe het dit gebeur en dan is daar gesê "The State is required to furnish full particulars of precisely how the violence in each area in which it took place was caused by any decision or action or any of the accused." Nou, u sê dit moet 'n mens lees asof dit net te doen het met die begin van die geweld, maar elke persoon wat deelneem aan so iets en klippe optel en gooi, veroorsaak tog geweld en meer geweld. Dit is tog 'n deurlopende proses.

MNR. JACOBS : Maar soos ek sê, ek sal graag - dit is daarom dat ek verlof gevra het, as die Hof dit vir my sal gee, dat ek net hier kan - wat opgeval het, die vraag was "encouraged" geweld en dit gaan oor die organisatoriese deel daarvan.

HOF : Ook, maar as ek as deel van 'n groep wat besig is om te vlug vir die polisie 'n klip optel en dit na die polisie gooi, dan kan dit tog gesê word dat ek daarmee geweld bevorder en as 'n mens dit kan sê, dan moet die vraag beantwoord word

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en sê kyk, maar mnr. X het 'n klip opgetel, want anders gaan u die posisie kry, mnr. Jacobs, in hierdie saak dat ons van die Kaap tot in Messina getuies teoreties kan hoor oor voorvalle wat plaasgevind het waarby van die beskuldigdes betrokke was, die een kon dalk met 'n mes gesteek het en die ander een kon dalk met klippe gegooi het, ek weet nie, maar - sonder dat hulle enigsins gewaarsku is oor wat kom. Ek sal 'n bietjie verdaag, dan kan u oor die ding dink en na die stukke verwys as ons weer hervat en vir my uit die stukke aantoon dat hierdie gedeelte van die getuienis gedek is deur die stukke.

My assessor sê dat u die Hof vertel het dat beskuldigde nr. 20 'n verklaring gemaak het in die getuiebank, dat sy organisasie nie geweldladig optree nie. Dit was nr. 19.

<u>MNR. JACOBS</u> : Dan het ek 'n fout gemaak.

<u>MR CHASKALSON</u> : It was accused no. 20.

<u>HOF VERDAAG</u>. <u>HOF HERVAT</u>.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek dank u vir die geleentheid dat ek die stukke behoorlik kon gaan lees. Soos ek dan sê, my eerste argument gaan daarom, dit is nodig vir bewys van opset. Ek het dit reeds met u behandel. Dan die tweede aspek is as dan nou kyk na die vraag wat My Geleerde Vriend nou hier - waarop die beswaar eintlik gebaseer is en dit is op bladsy 40 27.6.5. As 'n mens hierdie vraag lees dan lyk dit of soos ek hom verstaan en soos wat hy hier duidelik blyk, is dat hier eintlik 'n kousale vraag is, wat het dit veroorsaak. Dit gaan nie hier om dinge wat gebeur het nadat die geweld al uitgebreek het nie. Die vraag is "The State is required to furnish full particulars of precisely how the violence in each area in which it took place was caused." Dit is iets wat vooraf gebeur het, hoe dit veroorsaak was. "By any decision or action of any of the accused. In this regard full particulars are



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

required of each area in which the violence is alleged to have taken place" en dit is dan ook gegee. "A full and precise description thereof and a complete account of State allegations in regard with why it is alleged that the violence in that area was the result of any particular decision or action of the accused." My submissie aan u is, soos hierdie vraag verstaan is, is dit 'n vraag wat op twee maniere verstaan is. Daar was verstaan gewees dat die oorsaak wat hier gevra word, die oorsaak is voordat geweld in werklikheid begin uitbreek het. In die getuienis hierso het ons alreeds die getuienis sover as dit gegaan het. Dit is nie gevra gedurende enige aktiwiteite van mense wat deelgeneem het nie, gedurende enige opstande nie. Die getuienis is hierso dat hierdie geweld het al uitgebreek voor hierdie dag en die antwoord is dan gegee in die besonderhede ten opsigte van die oorsake voor die uitbreek van die geweld. 'n Ander aspek wat dan ook hier ter sake is, is dat op hierdie stadium is die getuienis nog net dat die geweld het by skole uitgebreek en dat dit van skole af verder versprei het. Dit mag later gemeng wees, maar my hoof argument is hierdie twee wat ek aan u voorlê. Die twee argumente is om opset te bewys en die tweede is, as dit iets anders is wat My Geleerde Vriende hier gesoek het, as gedurende die geweld, dan was hierdie vraag verwarrend gewees. Ek het dit nie so verstaan nie. Die hele vraag dui hier op die oorsaak waarom dit daar uitgebreek het. As 'n mens dan teruggaan na die vorige vraag en die konteks lees wat gevra is in 27.6.4. dan is dit weer "encouraged - directly or indirectly encouraged" en dit is verstaan dat dit die voorafgaande handelinge en besluite, soos dit daar genoem word in die saak, as 'n mens die hele stuk neem, watter handelinge en besluite is geneem voordat die geweld uitgebreek het. So, die hele antwoord is

... / dan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dan ook op die basis gegee dit is die oorsake tot die uitbreek van die geweld. My respekvolle submissie is dan ten minste op die kwessie van die bewys van opset, is dit toelaatbaar, hierdie getuienis. Ek mag dit dan net finaal afrond deur te sê dat die algemene doelstellings, soos ons beweer en wat ons moet bewys, is dat die UDF en sy mede-samesweerders wil met geweld die land omverwerp. Om daardie opset te bewys, is dit natuurlik noodsaaklik.

... / UITSPRAAK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

DELMAS

1986-01-22

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) Rapporteerbaar: JA/NEE
(2) Van belang vir ander Regters: JA/NEE
(3) Hersien

Datum Handtekening

DIE STAAT

teen

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

---

## UITSPRAAK OP BESWAAR DEUR VERDEDIGING

K20.60 VAN DIJKHORST, R.: Op hierdie stadium is sersant Adolf Branders in die getuiebank en hy het getuienis gelewer oor gebeure by Kroonstad in die Swartwoonbuurt Seeisoville op Maandag, 11 Februarie 1985, ook op 18 Februarie 1985 en op 21 Februarie 1985. Wat die eerste datum betref is die getuienis ten aansien van oproer wat plaasgevind het en wat die tweede en derde datums betref is die getuienis oor oproerigheid wat in verband staan met begrafnisse wat voortgevloei het uit die eerste oproer. Ten aansien van die derde datum is die getuienis dat by die begrafnis teenwoordig was in 'n voertuig beskuldigde nr. 20 en poog die Staat om getuienis voor te lê dat beskuldigde nr. 20 uit die voertuig geklim het en 'n klip opgetel het, blykbaar met die doel om dit na die polisie te gooi, soos ander persone op daardie stadium besig was om die polisie onder die klippe te steek.

Teen hierdie getuienis is daar beswaar. Die beswaar is dat die getuienis nie gedek word deur die akte van beskuldiging en besonderhede wat daarop verskaf is nie en dat dit gevolglik

/ nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie toegelaat moet word nie.

Op hierdie beswaar het mnr. Jacobs twee antwoorde. Eerstens dat die Staat moet bewys dat die UDF nie 'n vreedsame organisasie is nie en dus, indien die Staat aantoon dat beskuldigde nr. 20, wat 'n ampsdraer van die UDF is, self geweld gepleeg het, het dit die strekking dat dit kan aantoon dat die UDF self nie 'n vreedsame organisasie is nie. Mnr. Jacobs sê dat die Staat opset moet bewys aan die kant van die UDF om uiteindelik die land onregeerbaar te maak en dat hierdie getuienis daardie strekking het. Op sigself gesien, mag dit so wees, maar die vraag moet beantwoord word of die Staat by die verskaf van besonderhede sy saak nie beperk het tot so 'n mate dat hy hierdie afsonderlike dade, waarvan nie melding gemaak is in die besonderhede nie, uitgesluit het.

In hierdie verband is daar 'n aantal vrae gevra deur die verdediging. Wat betref paragrawe 66 en 67 van die akte van beskuldiging, wat die strekking het dat beweer word dat daar vanaf Augustus 1983 tot einde April 1985 deur die United Democratic Front en andere, 'n kampanje gevoer is om die Regering se beleid en wetgewing ten aansien van verskillende vorme van sy gesagstrukture, en in die besonder ten opsigte van Swart plaaslike besture, sowel as wetgewing rakende die beheer oor Swart burgers in die Republiek van Suid-Afrika, te gebruik om die massas in Suid-Afrika te organiseer, mobiliseer, polities te indoktrineer en te aktiveer en op te sweep tot geweldpleging.

In dié verband is in die algemeen gevra of dit beweer word dat enigeen van die beskuldigdes direk of indirek gewelddadige optrede aangemoedig het met die resultaat wat genoem word in die paragraaf. Dit is 66.7, dit wil sê dat grootskaalse geweldpleging gevolg het in die Swart woonbuurte.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In antwoord daarop het die Staat gesê dat elke beskuldigde direk sowel as indirek deur deel te word van die sameswering en die nastreef van 'n gemeenskaplike doel en om Swart plaaslike besture te vernietig as deel van opset om die Regering van die Republiek van Suid-Afrika buite parlementêr te vervang en deur die kampanjes teen die Regering se beleid en wetgewing te voer en die massas op te sweep teen en raadslede en die stelsel van Swart plaaslike besture te tipeer as verwerplik en as verraaiers van die Swart massas, geweldpleging aangemoedig en die raadslede geïntimideer het.

Dit is duidelik uit hierdie antwoord dat die Staat nie beweer dat daar direk opgetree is by die geweldpleging deur beskuldigde nr. 20 nie.

Daar is verder 'n verwysing na paragraaf 8 waarin spesifieke beskuldigdes behandel word en waarin ten aansien van beskuldigde nr. 20 beweer word dat hy as deel van die bestuurstruktuur van UDF bewus was van en gemoeid was met die doel van die UDF en dat hy aktief meegewerk het in besluitneming, koördinering en uitvoering van aktiwiteite om die doel te verwesenlik.

Op 'n vraag, 27.6.5., hoe die geweld in elke gebied veroorsaak is deur enige besluit of aksie aan die kant van die beskuldigdes, is geantwoord dat dit veroorsaak is deur propaganda en dat dit die gevolg is van sameswering, soos in die akte van beskuldiging beweer word en verder dat die beskuldigdes bewus was van die organisasie en mobilisering van die Swartmassas rondom die kampanjes en dat hulle hulle vereenselwig het en aktief meegewerk het in ten minste die Vaal Driehoek met die algemene doel om deur die organisering en mobilisering van die massas in verskillende organisasies onder leiding van die UDF die massas tot geweldpleging op te sweep. Dan word daar gemeld dat oproer uitgebreek het in, onder andere,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Seeisoville en dat sedert Februarie 1985, onder andere, UDF daar georganiseer het. Die antwoord is dus nie dat beskuldigde nr. 20 direk deelgeneem het aan die geweldpleging in Seeisoville nie, maar dat hy en/of die UDF georganiseer het wat tot geweldpleging in Seeisoville aanleiding gegee het en dat dit juis hul oogmerk was.

In hierdie opsig dus is daar, myns insiens, 'n geldige beswaar teen die getuienis wat die Staat tans poog om voor te lê.

Mnr. Jacobs poog om hierdie beswaar te beantwoord deur te betoog dat die vrae gemik was om vas te stel wat die geweld veroorsaak het en nie hoe die geweld verder verloop het nie en hy betoog dat die getuienis is dat die geweld eintlik voor die betrokke dag plaasgevind het of begin het. Myns insiens gaan hierdie argument nie op nie. Die opneem van 'n klip tydens sporadiese geweld, met die doel om dit na die polisie te slinger, sal klaarblyklik verdere geweld veroorsaak en tot gevolg hê. Al sou ek in hierdie verband verkeerd wees in my vertolking, en ek is van mening dat ek dit nie is nie, sou geregtigheid, myns insiens, vereis dat die beskuldigdes in kennis gestel word van spesifieke dade van geweld wat hul ten laste gelê word.

Op die akte van beskuldiging, aangevul deur nadere besonderhede, is die vraag dus nie toelaatbaar nie. Die beswaar word gehandhaaf en die getuienis verwysende na die optel en gooi van die klip word van die notule geskrap.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ADOLF BRANDERS, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Dan kan ons nie verder lei wat daar gebeur het met die klipgooiery waar beskuldigde nr. 20 betrokke was nie. Sal u dan net voortgaan. Die ander mense wat daar was by die begrafnis, wat het hulle toe verder gedoen? -- 'n Klipgooiery het toe plaasgevind en die polisie het traangas gebruik om hulle uiteen te jaag.

Het hulle net klippe gegooi, die skare, of was daar enige aksie - enige ander aksie van hulle kant voor die polisie nou met traangas begin gooi het? -- Nee, dit was net klipgooiery.

Op 27 Februarie 1985 was daar nog 'n verdere begrafnis daar in die woonbuurt? -- Dit is korrek.

Edele, dit gaan oor op 'n nuwe insident nou. Wil die Hof op hierdie stadium die verdaging neem.

HOF : Laat ons die hoofgetuienis afrond of die punt afrond.

MNR. JACOBS : Het u weer diens gedoen by hierdie begraafplaas? -- Dit is korrek.

By die begraafplaas self, wat het u opgemerk daar? -- Die mense het maar net weer saamgedrom daar.

Kan u 'n insident onthou van 'n ander motor wat daar op die toneel was? -- Ja, daar het 'n wit motorvoertuig gestop, 'n Audi as ek dit nie mis het nie.

Waar het hy gestop? -- By die begraafplaas self. Die persoon het uitgeklim, die bestuurder en die kattebak van die voertuig oopgemaak en 'n bottel uitgehaal met amberkleurige vloeistof. Van die persone het saamgedrom, van die Swartjeugdiges om die voertuig en hulle het ook bottels uit die kattebak uitgeneem.

Het u hulle met 'n verkyker dopgehou? -- Ek het hulle met 'n verkyker dopgehou, ja.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

communication with the family of Edith or Isabel Lethlake? -- In or during July 1985 I was consulted by one Andrew Lethlake, brother of Isabel Lethlake.

And did you learn from him that she was being detained? -- That is correct.

And that it was in terms of Section 31 of the Internal Security Act? -- That was what my instructions were, yes.

Yes. And he had a conversation with you? -- That is correct.

Yes. My Lord if the Court were to perhaps guide me in this matter. There were communications, as the evidence will presently show, between the brother of Isabel Lethlake and Mr Bham and there was later communication between the woman herself and the attorney. Now my instructions are that this was a consultation as between attorney and client. We are quite happy to disclose the contents of it to the Court. Our difficulty of course is ....

COURT: I do not think that would be necessary Mr Unterhalter. There is a confidential relationship between Mr Andrew Lethlake and the attorney.

MR UNTERHALTER: Yes well I wanted guidance.

COURT: I would like you just to deal with the allegations that were made in this court against Mr Bham and/or his firm and the allegations were firstly that Mr Bham or his firm were informed that she was a witness for the State and that they were not entitled to communicate with her and secondly that there was an acceptance of that fact, that they would not communicate with her, that there was in fact afterwards arranged a meeting between that witness and a person, presumably a person connected with the attorneys firm of Mr Bham, and that after that the witness disappeared. And furthermore

that/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

that the attorney has allegedly advised the mother of the witness that she should not inform the police of the whereabouts of the witness. That is what I would like to have an explanation of.

MR UNTERHALTER: Thank you My Lord for the guidance in that respect. Mr Bham you have heard what His Lordship has said? -- Yes I have.

Now in the first instance would you say to His Lordship this, you knew of course that she was detained under Section 31 of the Internal Security Act and you could not of course in those circumstances have access to her without the consent of the Attorney General? -- Yes I was aware of that.

Did you make requests following your consultations with the brother and the family that you should be given that access? -- Yes I did, on behalf of the family I did make requests to the Attorney General's office for access to the detainee.

And those requests were refused? -- They were refused.

Now did you ever give an undertaking to Mr Jacobs or any other members of the staff of the Attorney General that you would not communicate with this woman? -- No at no stage did I give any such undertaking to Mr Jacobs or any member of the Attorney General's office.

COURT: Mr Bham are you the sole partner in the firm? -- Yes I am the sole partner.

Do you have any professional assistants? -- No I do not.

So you practice on your own? -- That is right.

Yes.

MR UNTERHALTER: Now in fact on 9 January of this year this woman Isabel, well we will call her Miss Lethlake, attended at your office? -- That is correct.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT: What is the date Mr Unterhalter?

MR UNTERHALTER: 9 January. You realised when she attended upon you that she had now been released? -- She informed me she had been released from detention, that is correct.

And she sought certain advice from you? -- That is correct.

Did it occur to you, now that she had been released, that it was improper for you to hold any discussions with her or give her any advice, or what was your view in regard to that situation? -- I did not regard it as improper to take instructions nor to consult with Miss Lethlake. My instructions were that she had been released from detention under Section 31 of the Internal Security Act and she had come to consult me and sought my advice.

And did you consider it proper in the circumstances to give her the advice? -- I did not consider it improper, I thought it was in order.

Yes. Now thereafter did you, on 12 January of this year, receive a phone communication from her? -- I did.

And as a result of that did you go out to Soweto in order to meet with her? -- I did so.

And did she again address you ....

COURT: Where did you meet her, at her parents' home? -- She telephoned me from Soweto and she told me she was unable to come through to Johannesburg to my office, that morning I had been at my office, and she asked me to come and meet her at a railway station, Dube Railway Station in Soweto. The reason why I arranged to meet her there was because I did not know the area very well and it would be easy to find a railway station, so I arranged to meet her at the railway station.

But Mr Bham is that normal for the attorney to meet the

client/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

client at the railway station, should the client not come to the attorney's office? -- That is the normal procedure but when I received the telephone call that morning she told me that it was urgent that I see her, she did not explain what the urgency of the matter was over the telephone and taking into account the urgency of the matter I agreed to go and meet her.

MR UNTERHALTER: And you did meet her? -- I did meet her, yes.

And did you consult with her again? -- I consulted with her that afternoon.

And on that occasion did you consider that in giving her advice and allowing her to seek advice from you there was anything improper in that? -- No I did not.

Now on 17 January of this year did you receive a telephone call from someone? -- I received a telephone call from a woman who introduced herself as Mrs Lethlake, mother of Isabel Lethlake.

Yes. And what was the purport of the discussion between you? -- This woman who spoke to me in English said to me that the police had been to her place enquiring about the whereabouts of her daughter Isabel and she told me over the phone that she had informed the police that her daughter has gone to Pretoria.

Yes. -- She asked me what she should do in the circumstances. I told her to tell the police exactly what she knew of the whereabouts of her daughter. I also told her that if the police in any way harrass her she should call me again.

Did you hear from her again? -- No I did not.

Now Mr Bham at any stage have you ever advised or encouraged Miss Lethlake not to come to court? -- No I did not. It would have been highly improper for me to do so as an

officer/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

officer of the court to advise any client or any person not to come to court.

And in respect of any other, persons other than Miss Lethlake, members of her family for example, have you ever given any such advice at all? -- No I did not give any such advice.

Thank you.

COURT: Mr Bham I would like to put a few questions to you. I do not want you to divulge confidential information given to you by Miss Lethlake but I want you to tell me whether she consulted you as to whether she should attend court or not? -- She consulted me to receive my advice regarding her rights as a witness if she is called upon to give evidence in court.

Was the appearance or non-appearance of her in court mentioned by her? -- She mentioned to me that she had been asked by the Prosecutor to be in court on 20 January 1986 and she asked me whether I could arrange for representation for her on 20 January 1986 and I agreed to arrange counsel to be present in court.

So were you under the impression that she was going to attend? -- I was under the impression.

Was her non-attendance at any stage discussed? -- Yes she did raise the question whether, you know raise the question of what would happen if she did not appear in court. I asked her whether she had been served with a subpoena to appear in court. She said no she had not been served with any subpoena to appear in court.

What was your advice pertaining to the fact that she did not have a subpoena yet? -- Well my advice was that she should go to court.

Yes thank you Mr Bham. Mr Jacobs I am not going to give

you/......

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

you an opportunity to cross-examine Mr Bham. I asked Mr Bham to come and give an explanation to Court and that is what he has done. He has chosen to do so under oath and that is his choice. If you want to take the matter further you have your means of doing so but as far as I am concerned this matter is hereby concluded.

NO FURTHER QUESTIONS.

-----------------------------

THEUNIS LODEWIKUS ADRIAAN STEYN, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Majoor, gedurende die tydperk dat eerwaarde Moselane in u kantoor was, was daar 'n bandopnamemasjien op die tafel? -- Dit is korrek.

Het u dit aangesit? -- Nee.

Is daar nie 'n bandopname in verband met die gesprek wat u met eerwaardė Moselane gehad het nie? -- Nee.

HOF : Ek dink, mnr. Bizos, ek dink ons moet miskien ook na die beskuldigdes verwys by hulle nommers. Anders gaan ons miskien deurmekaar raak.

MNR. BIZOS : Dit is beskuldigde nr. 3. Hy sal sê dat hy wel gesien het dat die bandopnamemasjien gewerk het en dat die band rondgegaan het? -- Die bandmasjien het nie gewerk nie.

Daar was nooit 'n bandopname van enige gesprek geneem tussen u en beskuldigde nr. 3? -- Ek het geen bandopname gemaak van die gesprek nie.

Wat sal u sê in verband met die doel van die gesprek? Was dit om 'n lid van die kerk vir samewerking te vra of die beskuldigde nr. 3 te ondervra? -- My doel was om die samewerking van beskuldigde nr. 3 te verkry.

En nie om hom te ondervra nie? -- Dit is korrek.

Of om hom te dreig nie? -- Dit is korrek.

U wou net sy samewerking en die kerk se samewerking

... / kry

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

kry om die vrede te behou in u gebied? -- Dit is korrek.

Was 'n boodskap gestuur aan hom die vorige dag om na u kantoor te kom so vroeg as moontlik die volgende oggend? -- Dit is korrek.

Het hy alleen opgedaag of was hy in die geselskap van een of ander persoon?-- Hy was in die geselskap van 'n tweede persoon gewees.

Kan u onthou wie dit was? -- Ek het die persoon nie by die naam ontmoet nie, maar dit moes 'n predikant gewees het, want hy het van die predikantboordjies gedra.

Het hy tot by die traliehek van u kantoor gekom saam met beskuldigde nr. 3? -- Dit is korrek.

Het hy verlof gevra om die beskuldigde te vergesel in u kantoor? -- Ek kan nie onthou of hy verlof gevra het om die beskuldigde te vergesel nie.

Maar kan u wel onthou dat hy tot by die traliehek gekom het? -- Dit is korrek, ek kan dit onthou.

Kan u onthou dat u wel met hom gepraat het? -- Wat ek wel kan onthou is dat ek beskuldigde nr. 3 binnegenooi het en die tweede persoon versoek het om buite te bly.

Kan u onthou dat u met die ander persoon gepraat het of nie? -- Nee.

Kan u onthou of die beskuldigde hom aan u voorgestel het of nie? -- Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die beskuldigde wel hom aan u voorgestel het? -- Ek kan nie onthou dat die beskuldigde die tweede persoon aan my voorgestel het nie.

Is u in staat om dit te ontken? -- Ek is nie in staat om dit te ontken nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die amp van die tweede persoon aan u gegee was? -- Ek is nie in staat

... / om

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

om dit te ontken nie.

Sal u daardie persoon herken as u hom nou sien? -- Ek twyfel.

Wel, laat ons probeer. Het u die persoon wat in die hof nou is by die traliehek van u kantoor gesien of nie? -- Dit lyk soos die persoon wat by die traliehek saam met beskuldigde nr. 3 was.

My Lord, it is Archsdeacon Peter Wilson. Het die beskuldigde nie aan u gesê dat, omdat hy na die kantoor geroep is, hy sy aartsdiaken wat sy meerdere is - dat hy hom wou vergesel na u kantoor toe nie? -- Nee.

As u nie kan onthou presies wat gesê was nie, hoe kan u dit ontken? -- Ek ontken nie, ek kan net nie onthou nie.

Die getuienis sal wees dat aartsdiaken Wilson in Krugersdorp gestasioneer is en dat hy spesiaal vroeg die oggend Krugersdorp verlaat het om sy priester behulpsaam te wees in Vereeniging. Sal u aanvaar as hy en eerwaarde Moselane albei sê dat hulle gevra het dat aartsdiaken Wilson hom moet vergesel na u kantoor toe? -- Ek sal dit so aanvaar.

As dit wel so is en die doel van die besoek van beskuldigde nr. 3 aan u kantoor was om die kerk se samewerking te kry, waarom het u geweier dat aartsdiaken Wilson beskuldigde nr. 3 na u kantoor vergesel? -- Dit was omdat ek in besonder die gesprek wou voer met eerwaarde Moselane, beskuldigde nr. 3.

Ja, maar as u iemand vra vir sy samewerking en hy bring 'n persoon om hom te help, wat sou u beswaar gewees het dat eerwaarde Wilson ook teenwoordig is? -- Daar was geen besondere beswaar nie. Dit is net dat ek die gesprek met beskuldigde nr. 3 wou voer.

Ek wil aan u stel dat die rede of die ware rede is deur u gegee aan eerwaarde Wilson en ook aan beskuldigde nr. 3

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en dit is dat u wou beskuldigde nr. 3 ondervra en dit is nie toegelaat dat gedurende 'n ondervraging 'n tweede persoon teenwoordig moet wees nie? -- Ek ontken dat ek so iets gesê het.

U sien, as u weergawe korrek is, kan u nou dink aan enige ander rede behalwe die rede wat ek aan u gestel het waarom eerwaarde Wilson nie toegelaat was om beskuldigde nr. 3 na u kantoor te vergesel nie? -- Die rede is soos ek reeds genoem het.

Daar is geen ander rede nie? -- Daar is geen ander rede nie.

Hoe lank sou u sê die gesprek, die ondervraging of wat ook al dit was, tussen u en beskuldigde nr. 3 geduur het? -- Dit was plus-minus vyftien minute.

Vyftien minute? -- Plus-minus.

Het u enige notas gemaak? -- Ek het geen notas gemaak nie.

Het u op daardie dag of kort daarna enige verklaring uitgeskryf wat daar gebeur het? -- Nie op daardie dag of kort daarna nie.

Hoe lank na die gebeurtenis het u enige skriftelike verklaring gemaak in verband met die gebeurtenis? -- Dit was ongeveer 'n maand en 'n half na die gebeurtenis.

Voor of na beskuldigde nr. 3 se arrestasie? -- Dit was na beskuldigde nr. 3 se arrestasie.

Na sy arrestasie? -- Dit is korrek.

Kan u onthou op watter datum beskuldigde nr. 3 gearresteer was? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

As ek dit aan u stel dat dit 21 Oktober was, sal u dit aanvaar? -- Ek sal dit aanvaar.

Kan u vir ons sê hoe lank na 21 Oktober u u verklaring gemaak het? -- Ek het nie die presiese datum wat ek die verklaring gemaak het nie. Dit was so rondom middel November.

... / So

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

So, u het u verklaring gemaak min of meer twee en 'n half maande na die gebeurtenis? Laat ek nie die woord gebeurtenis gebruik nie. Ons sal van 3 September as die gebeurtenis praat. Na die - min of meer na die gebeurtenis. Dit was 21 Oktober. -- Dit is korrek.

Ek wil aan u stel dat u getuienis is nie heeltemal korrek nie, omdat u òf vergeet het òf na die 3de September woorde in die mond van beskuldigde nr. 3 gesit het wat hy nie gesê het nie? Wat sê u daarvan? -- Ek ontken dit.

Sê u aan Sy Edele dat u die presiese woorde van beskuldigde nr. 3 onthou het toe u u verklaring gemaak het twee en 'n half maande na die gebeurtenis? -- Nie die presiese woorde nie.

Of presies waaroor die hele gesprek gegaan het? -- Die strekking van die gesprek, dit is korrek.

Die algemene strekking, sou u sê? -- Dit is korrek.

En sal u aanvaar dat 'n besige man in die Vaal Driehoek gedurende hierdie tydperk wat hierdie tragiese omstandighede plaasgevind het, u miskien 'n fout begaan het met die detail wat daar plaasgevind het of die detail wat gesê is? -- Dit is moontlik dat daar detail verlore kon gegaan het in dié tyd.

Ek wil aan u stel dat die gesprek amper 'n uur geduur het en nie net vyftien minute nie? -- Nee, dit gesprek was 'n baie kort tyd gewees, soos ek reeds aangedui het.

Kon dit tussen die twee tydperke gewees het, tussen vyftien minute en 'n uur? -- Nee, dit was kort gewees.

Kan u die Hof verseker dat dit nie langer as vyftien minute was nie of is dit die indruk wat u gee? -- Dit is plus-minus, soos ek dit gestel het.

Behalwe wat u aan die Hof in u hoofgetuienis gegee het, kan u onthou van enige ander gesprek wat tussen u en beskuldigde



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nr. 3 plaasgevind het? -- Ek het die beskuldigde na sy arrestasie op kantoor gesien. Ons het mekaar gegroet ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, ons praat net van hierdie geleentheid.

HOF : Op die betrokke oggend in die kantoor?

MNR. BIZOS : In die kantoor. Is daar enige verdere onderwerp behandel? -- Daar was nog een verdere onderwerp wat ek my aan kan herinner.

Wat was dit?-- Dit het gewentel rondom die betaling van huur en beskuldigde het daarna aan my genoem dat hy versoek was deur lede van die Lekoa Stadsraad, wie hom met die dood sou gedreig het, waarop ek die beskuldigde aanbeveel het om so 'n klag by die polisiestasie in te dien, dat dit ondersoek kan word.

Was dit die heel eerste keer wat u daarvan gehoor het? -- Dit is korrek.

Gewoonlik, kry u die Sowetan koerant? -- As hy afgelewer word, ja.

Was die Sowetan op u tafel die oggend? -- Dit is moontlik.

Was daar 'n nuusberig in daardie koerant daardie oggend dat beskuldigde nr. 3 en sy huisgesin die slagoffers van geweld was? -- Ek kan nie onthou of daar sodanige berig daardie oggend in die koerant was nie.

As die beskuldigde sê dat die betrokke koerant op u tafel was die oggend met sy foto en 'n berig dat hy die slagoffer van geweld was van "vigilantes", ek weet nie of dit 'n aanvaarbare woord is nie, van die raadslede van Lekoa, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek kan dit nie ontken dat daar so 'n berig in die koerant was nie.

En dat die koerant op u tafel was? -- Ek kan ook nie ontken dat daar 'n Sowetan op my tafel was nie.

... / Op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Op die voorblad van die betrokke Sowetan 'n berig was met beskuldigde nr. 3 se foto en die opskrif is "Mob raids Moselane." Kan u dit onthou? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Kan u dit ontken dat dit wel daar was? -- As die Sowetan daardie berig daardie oggend gedra het en hy daar gelê het, dan sou dit 'n wesenlike indruk op my gemaak het, maar ek kan nie onthou dat die Sowetan die besondere berig bevat het soos deur die advokaat hier beskryf nie.

As ek 'n afskrif daarvan aan u wys, sal u dit miskien onthou? -- Ek het die berig gesien, maar ek kan nie onthou of dit daardie oggend was nie.

Ken u raadslid Mpondo?-- Ek ken raadslid Mpondo.

Het hy enige ander amp of het hy enige ander amp gehad behalwe die feit dat hy 'n raadslid was? -- Wel, op 'n stadium was hy ook lid van die veiligheidstak gewees.

Was daar 'n bewering dat hy as lid van die veiligheidspolisie 'n deel van die "vigilantes" gevorm het wat die beskuldigde se huis en sy huisgesin aangeval het? -- Daar was nie so 'n bewering voor my gemaak nie.

Het mnr. Mpondo enige rapport ingedien voor die 31ste in verband met die gebeurtenis van die 28ste by beskuldigde nr. 3 se huis? -- Nee, hy het nie.

U kan onthou dat die gesprek wel plaasgevind het in verband met die aanval op die beskuldigde se huis en u sê u het vir hom gesê hy moet 'n verklaring gaan maak? -- Dit is korrek.

Wat was sy antwoord daarop? Kan u onthou? -- Ek kan nie sy spesifieke antwoord onthou nie.

U sien, wat u wel kan onthou was onnodige advies, want volgens die berig in die Sowetan, wat beskuldigde nr. 3 sal bevestig, is die volgende "The station commander of Sharpeville police, Lieutenant M.N. Manyedi, confirmed that

... / Mr Moselane

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Mr Moselane has laid charges against the mob. The police are investigating." As dit wel waar is, sou daar enige rede gewees het waarom die beskuldigde nr. 3 nie gereageer het op die advies wat u hom gegee het nie? -- Dit was my advies aan die beskuldigde gewees.

Die rede waarom ek al die vrae in verband met die gebeurtenis aan u gestel het, is dit, dat u was nie geïnteresseerd in beskuldigde nr. 3 se klagte nie. U was nie geïnteresseerd om sy vertroue te kry om u behulpsaam te wees nie, maar om hom te ondervra en te dreig. Wat sê u daaromtrent? -- Ek ontken dit dat dit enigsins my doel was.

Ek wil dit aan u stel dat u probeer het gedurende die ondervraging om nie die kerk te gebruik vir enige vergaderings nie. Wat sê u daarvan? -- Ek verstaan nie die strekking van die advokaat se vraag nie.

<u>HOF</u> : Die advokaat sê dat u poging met die ondervraging was om beskuldigde nr. 3 daartoe te kry dat die kerk nie meer gebruik sou word vir enige vergaderings nie. -- Ek dink enige vergaderings is baie wyd gestel. Dit het hier gewentel rondom die protesvergaderings. My bekommernis rondom die verwagte geweldpleging op die 3de, dat ek die eerwaarde se samewerking wou verkry om die protesoptog afgestel te kry en geweldpleging te probeer bekamp.

<u>MNR. BIZOS</u> : En as ek my vraag verander dat u gepoog het dat die kerk nie meer gebruik moes word vir algemene protesvergaderings deur lede van die publiek in Sharpeville nie, wat sal u antwoord daarop wees? -- Nee.

Wat is u houding dat die kerk wel gebruik was vir algemene protesvergaderings van die mense wat in Sharpeville woon? Wat was u houding? -- Ek was ongelukkig daaroor.

Het u gedurende die gesprek met beskuldigde nr. 3 aan

... / hom

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hom gesê dat hy ongelukkig voel dat die kerk deur hom en die publiek vir protesvergaderings gebruik word? -- Ek kan my nie spesifiek herinner dat ek dit geuiter het nie.

Wel, u het heeltemal geregverdig lank daaroor gedink. Kan ons aanvaar dat as die beskuldigde nr. 3 so aan die Hof sê, dat u nie in staat is om dit te ontken nie? -- Dit is korrek.

Kan u onthou gedurende die gesprek, wat die beskuldigde as 'n ondervraging beskou, maar ek gebruik u woord, dat die beskuldigde 'n teenoorgestelde stelling aan u gemaak het dat mense wat in Sharpeville woon die reg het om saam te kom om hulle griewe uit te spel? -- Dit is moontlik.

Terwyl u in die getuiebank is, kan ons miskien 'n ander punt vasstel. Daar is sale, groot sale in Sharpeville en ander plekke onder die beheer van die Lekoa Town Council, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is aansoeke gedoen deur gemeente-organisasies soos VCA en ander organisasies om daardie sale vir algemene inwonersvergaderings te gebruik? -- Ek weet nie of sulke aansoeke gerig is nie. Ek hanteer nie die aansoeke nie.

Is u nie geraadpleeg in verband met vergaderings wat in daardie sale gehou moes word of nie? -- Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat sulke aansoeke deur die raad of hulle amptenare geweier is? -- Ek kan dit nie ontken nie.

Kan u onthou, of, toe u aan die beskuldigde gestel het dat daar vergaderings was op die 5de, die 12de, die 19de en die 26ste, of hy aanvaar het dat daar wel vergaderings op die betrokke dae was of nie? -- Hy het dit so aanvaar.

Kan u wel onthou dat u melding gemaak het van 'n vergadering op 5 Augustus, soos u in u hoofgetuienis gesê het?

... / 'Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Dit is korrek.

En u kan wel onthou dat die beskuldigde erken het dat daar 'n vergadering was op 5 Augustus by sy kerk? -- Dit is korrek.

En as ek aan u stel dat daar geen vergadering by die kerk was op 5 Augustus nie, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Volgens my inligting was daar wel 'n vergadering op 5 Augustus by die kerk.

En as die beskuldigde sê dat u inligting op daardie stadium dieselfde as syne was en dat u nie melding van 'n vergadering op die 5de gemaak het nie, omdat daar wel nie 'n vergadering op die 5de was nie, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek het wel gemeld van die 5de.

'n Algemene groot vergadering? -- 'n Protesvergadering.

Die beskuldigde sal erken dat u wel aan hom gestel het dat u inligting het of gehad het dat daar melding was van geweld op die vergadering van die 19de?

HOF: Is dit nou 19 Augustus?

MNR. BIZOS : 19 Augustus, maar dat hy onmiddellik aan u gesê het dat hy daar was en dit was nie so nie, wat sê u daarvan? -- Ek kan my herinner dat die beskuldigde gesê het dat hy nie bewus was van dat daar enige geweldpleging gepredik is op die vergadering nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat hy gesê het "Ek was daar en ek weet dat daar nie geweld gepredik is op die 19de nie", is u in staat om daardie stelling te ontken? -- Ek kan nie daardie stelling ontken nie.

Wat was u inligting? Was beskuldigde nr. 3 op die 19de of nie? -- Ek kan nie onthou of my inligting wel op daardie stadium was dat beskuldigde nr. 3 by daardie vergadering of 'n besondere vergadering op die 19de teenwoordig was nie.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek is seker dat dit wel beweer is in die klagstaat dat hy wel daar was op die 19de? U is een van die ondersoekbeamptes in die saak, nie waar nie? -- Nee.

Is die ondersoekbeampte onder u beheer? -- Nee.

Is dit nie 'n Driehoek saak nie? -- Dit is korrek.

Waar is mnr. Kruger gestasioneer? -- Op Krugersdorp.

Hy is nie onder u bevel nie? -- Nee.

I am able to give Your Lordship an assurance that it is alleged on page 325 of the indictment that accused no. 3 was there on the 19th. Het u beskuldigde nr. 3 uitgevra om te probeer vasstel of hy wel daar was of nie, sodat u die inligting wat u gekry het, kon bevestig? -- Nee.

Waarom nie? -- Dit was nie my doel om die beskuldigde te ondervra nie.

As hy wel aan u gesê het dat hy daar was en as hy wel ontken dat daar enige melding van geweld was teenoor die raadslede en hy is daar, waarom het u nie die geleentheid geneem om van hom 'n bevestiging of 'n ontkenning te kry in verband met sy weergawe van wat daar gebeur het nie? -- My doel was nie om die beskuldigde te ondervra nie.

Het u hom miskien gevra of die vergadering van die 19de 'n vergadering van jeugdiges was? Of van ou mense wat pensioen trek? Of het u enige vrae aan hom gestel in verband met die aard van die vergadering van die 19de? -- Ek het nie.

Het u enige inligting gehad in verband met die aard van die vergadering? -- Ek het.

Volgens u inligting, wat was die aard van die meerderheid van die persone wat daar teenwoordig was?

HOF : Bedoel u in die lyn van jeugdiges of ondersteuners van 'n groep of kerkmense?

MNR. BIZOS : Nee, die ouderdomsgroep.-- Volgens my inligting

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was daar volwassenes sowel as jeugdiges teenwoordig.

U sien, ek wil dit aan u stel dat op die betrokke dag, die 19de, daar 'n groot vergadering was te Lenasia waar al die jeugdiges van Vereeniging, Vanderbijlpark, die Vaal Driehoek, Soweto, al die ondersteuners van daardie hele area, daardie groot vergadering bygewoon het. It is described as a rally. I do not know the Afrikaans word for it.

HOF : 'n Byeenkoms.

MNR. BIZOS : 'n Byeenkoms.

HOF : Dit is darem 'n bietjie wyd gestel as al die jeugdiges in die hele Vaal Driehoek en Soweto die ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS : Wat ondersteuners van UDF was, het na Lenasia gegaan. -- Ek is nie bewus van so 'n vergadering wat wel daar was nie.

En dat op die 19de so ongeveer sewehonderd mense by die kerk was en ten minste oor 90% van hulle ou mense was. Het u daardie inligting gehad? -- Nee. Soos ek gesê het, my inligting was dat daar wel jeugdiges en volwassenes teenwoordig was.

Het u die beskuldigde gevra wie toesprake daar gemaak het? -- Nee, ek het nie aan die beskuldigde gevra wie toesprake daar gemaak het nie.

Wou u nie vasstel of die inligting wat u gehad het wel korrek was of inkorrek, volgens die beskuldigde se weergawe nie? -- Nee, dit was nie my doel om die beskuldigde te ondervra nie.

Ek wil dit aan u stel dat u getuienis toe Sy Edele u gevra het of u aan beskuldigde nr. 3 gesê het wie van geweld gepraat het en u ja gesê het, inkorrek is? U het geen melding gemaak van enige persoon - die naam of die identiteit van

... / enige

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

enige persoon nie. Wat sê u daarvan? -- Ek het dit aan beskuldigde nr. 3 wel genoem wie volgens my inligting ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Beskuldigde nr. 3 sal dit ontken dat daar enige persoon se naam genoem is. Kan u onthou of u beskuldigde nr. 3 gevra het hoe hy persoonlik gereageer het toe daar melding van geweld gemaak is? Kan u dit onthou of u dit vir hom gevra het? -- Nee, ek het nie so 'n vraag aan die beskuldigde gestel nie.

Is u getuienis dat u nie so 'n vraag gestel het nie of kan u nie onthou dat u miskien so 'n vraag gestel het nie? -- Ek het nie so 'n vraag gestel nie.

Kan u onthou dat toe die beskuldigde ontken het dat daar enige melding van geweld was op die 19de, dat hy gesê het as daar enige melding van geweld in my kerk gemaak was, sou ek dit gestop het as ek daar was? Kan u dit onthou? -- Ek kan nie dit onthou nie.

U is nie in staat om dit te ontken nie? -- Ek is nie in staat om dit te ontken nie.

Die beskuldigde sal oòk erken dat u aan hom gesê het dat u inligting gehad het dat daar 'n verdere vergadering sou plaasvind by die kerk op 2 September. Kan u onthou of u die beskuldigde gevra het om daardie vergadering te kanselleer? -- Ek het die beskuldigde nie gevra om daardie vergadering te kanselleer nie.

Wat was u houding op die 31ste? Het u gelukkig gevoel oor die feit dat daar 'n verdere protesvergadering gehou sou word op die 2de of nie? -- Ek was wel bekommerd daaroor gewees.

Het u die feit dat u bekommerd was aan beskuldigde nr. 3 gemeld? -- Ek kan nie onthou of ek my bekommernis teenoor die beskuldigde uitgespreek het op daardie stadium nie.

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is u in staat om te ontken ten minste dat beskuldigde nr. 3 die indruk gekry het dat u wens dat die vergadering van die 2de gekanselleer moet word? -- Nee, dit was reeds my doel om die beskuldigde te versoek om op die vergadering van die 2de sy invloed te gebruik om die protesoptog wat beplan was vir die 3de afgestel te kry.

Ons sal daarby kom, maar kan u onthou of die beskuldigde aan u gesê het gedurende die gesprek dat dit nie hy is wat besluit wanneer 'n vergadering sou plaasvind nie, maar dat sy toestemming voor die 26ste gevra is om die kerk op 2 September te gebruik en hy het sy toestemming gegee en dat die vergadering wel op die 2de sou plaasvind? Kan u dit onthou? -- Nee, ek kan my dit nie herinner nie.

Ek sal dieselfde vraag aan u stel. U is nie in staat om dit te ontken nie? -- Ek is nie in staat om dit te ontken nie.

Beskuldigde nr. 3 sal ook erken dat u aan hom gesê het dat daar op die 3de een of ander vorm van protes sou plaasvind. Kan u dit onthou? -- Dit was my inligting gewees.

Kan u onthou dat beskuldigde nr. 3 aan u gesê het dat ek sal nie eers hier in Sharpeville op die 3de wees nie, omdat ons Sinode so vroeg die Maandagoggend begin, dit wil sê die 3de, dat ek die 2de, laat Sondag, sal weg wees. Kan u dit onthou? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Is u in staat om dit te ontken dat dit wel gesê is deur beskuldigde nr. 3? -- Nee, ek kan dit nie ontken nie.

Het u aan beskuldigde nr.3 gesê dat u hom verantwoordelik sou hou vir enige geweldpleging op die 3de en hy sal aangehou word as daar enige geweld op die 3de plaasvind? -- Ek het dit nie teenoor die beskuldigde so gestel nie.

Ek wil aan u stel dat u wel gesê het en dit was een van die redes miskien waarom u nie eerwaarde Wilson teenwoordig

... / gehad

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gehad het gedurende die gesprek nie? -- Ek ontken dit.

Kan u onthou dat die beskuldigde aan u gesê het dat hy weet dat u die reg het om hom aan te hou? Kan u dit onthou? -- Nee, dit was nie deel van die gesprek nie.

Beskuldigde nr. 3 sal ook erken dat u vir hom gesê het dat as persone na die Lekoa raadskantoor marsjeer, die polisie verplig sal wees om hulle te skiet? -- Ek het nie gesê te skiet nie. Ek het nie die woord "skiet" gebruik nie.

Het u gesê om geweld te gebruik? -- Geweld, dit is korrek.

Ek wil u asseblief vra om regverdig te probeer wees in verband met die volgende deel van die gesprek. Was daar 'n redelike lang gesprek tussen u en beskuldigde nr. 3 in verband met die metodes wat die skare geweld pleeg en ook die metodes wat die polisie gebruik om die skare te beheer? -- Nee, daar was nie so 'n lang gesprek nie.

Het u melding gemaak van die feit dat die skare miskien die eiendom van die raadslede beskadig? -- Ek kan nie onthou dat ek spesifiek die raadslede se eiendom gemeld het nie.

Het u enige melding gemaak dat skare miskien die raadslede mag aanval, persoonlik? -- Nee, ek kan my nie herinner dat ek so 'n stelling gemaak het nie.

Kan u onthou dat u melding gemaak het dat die jong mense heeltemal ongedissiplineerd is en dat hulle klippe optel en dit na die polisie gooi as die polisie probeer om die massas te verbied om verder te gaan? Kan u dit onthou? -- Ekl kan onthou dat geweldpleging deur klipgooiery vanaf jeugdiges wel ter sprake was en die bekamping van die geweldsaspek deur die polisie volgens die gebruiklike polisie-optredes kan geskied.

Kan u onthou dat u nog vir hom gesê het dat as die jeug-
K23 digdes nou klippe optel en begin gooi, die polisie verplig is om hulle te skiet? -- Ek het nie die woord te skiet gebruik

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie.

As die beskuldigde sê dat u wel melding gemaak het van 'n skietery en u hom gevra het hoe ernstig sal dit wees, as mense om die lewe kom as gevolg van of die geweld van die skare of die geweld van die polisie? Kan u dit onthou? -- Ek het nie die woord skietery gebruik nie.

Dit was in daardie konteks dat beskuldigde nr. 3 melding gemaak het dat die polisie te vinnig is om te skiet. Kan u dit onthou? -- Nee, ek kan nie onthou dat die beskuldigde dit aan my gemeld het nie.

Is dit nie in daardie konteks dat die brandweer in die gebruik van water om 'n skare uitmekaar te kry ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Uiteen te jaag?

MNR. BIZOS : Uiteen te jaag, beter sal wees as om hulle te skiet nie? -- Dit was toe die gesprek gewentel het rondom geweldpleging en moontlike klipgooiery dat die eerwaarde toe aan my genoem het van die gebruik van die brandweerwaens om die skare met die waterslange uiteen te dryf en dat die polisie die kinders met klippe moet teruggooi as hulle met klippe gegooi word.

Ons sal kom by die teruggooi van klippe, maar u herinnering is nie so goed omtrent die konteks daarvan nie, maar laat ons net bly in verband met die skietery. Was die water van die brandweer nie in die konteks as 'n alternatief van 'n skietery deur beskuldigde nr. 3 genoem nie? -- Nee, die skietery was nie ter sprake nie.

Wat was die gesprek dan, hoe sou daar lewensverlies wees as die polisie nie sou skiet nie? -- Ek het nie gesê die polisie sou nie skiet nie. Ek het gepraat van geweldpleging.

Het u gepraat van geweldpleging, dat as gevolg van die

... / geweldpleging

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geweldpleging van die skare die polisie moet optree en daar sal lewensverlies wees as gevolg daarvan? -- As gevolg van optredes van die skare en polisiereaksie. Die geweld wat hulle gebruik om dit te onderdruk.

Wat se reaksie deur die polisie sou lewensverlies tot gevolg gehad het? -- Skietery kan lewensverlies bring.

Skietery? -- Dit is korrek.

En was dit nie in daardie konteks dat die brandweer genoem was nie? -- Dit is korrek.

Kan u onthou dat beskuldigde nr. 3 aan u gesê het dat die polisie te vinnig is om te skiet? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

En u antwoord was maar wat kan ons doen as die skare ons met klippe gooi. -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

En dat hy verder gegaan het, miskien omdat hy 'n priester is en aan u gesê het dat hy verstaan het dat as 'n persoon 'n klip na jou gooi, jy die reg het om 'n klip terug te gooi en om hom nie dood te skiet nie en jy dit miskien as selfverdediging kan aanvoer? Is dit nie die konteks waarin dit genoem is nie? -- Nee.

Is u ernstig of het u enige voorstel van beskuldigde nr. 3 geneem dat hy van die polisie sal verwag om sakkies stene te dra om dit na die skare te gooi? -- Nee.

Sou dit 'n ernstige voorstel gewees het? -- Nee, ek kon dit nouliks as 'n ernstige voorstel beskou het.

U het of het nie dit as 'n ernstige voorstel beskou nie? -- Ek het dit nie as 'n ernstige voorstel beskou nie.

Wat sê u? Was beskuldigde nr. 3 besig om grappies te probeer maak as hy so iets gesê het? -- Nee, ek sê nie hy het probeer grappies maak nie.

Omdat die enigste verwysing na die gebruik van klippe

... / deur

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

deur die polisie is in die konteks wat ek aan u gestel het. Is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Die verwysing na die klippe is soos ek daaroor getuig het.

Kan u onthou dat die beskuldigde wel melding gemaak het van die metodes wat gebruik word in Noord-Ierland? -- Nee.

Om skares uiteen te jaag? -- Nee.

En as hy sê dat hy dit wel genoem het en dit is omdat hy op televisie gesien het hoe dat daar in die buiteland dit gedoen is, en dit die rede is waarom hy dit genoem het en hy spesifiek Noord-Ierland genoem het, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan my nie daaraan herinner nie. Ek kan dit nie ontken nie.

Kan u onthou dat hy aan u gesê het in Engels dat "If you use violence, that brings more violence"? Ek weet nie of dit vertaal moet word of nie. Kan u dit onthou? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

U is nie in staat om dit te ontken nie? -- Ek kan dit nie ontken nie.

Kan u onthou of die beskuldigde aan u gesê het dat hy nie seker was of 'n mars op die 3de sou plaasvind of nie? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Is daar meer as een Steyn in u kantoor? -- Daar is ongelukkig.

Ek verstaan daar is drie van julle wat daar werk? -- Twee.

Was daar ooit drie? -- Daar was drie.

Was u die mnr. Steyn wat beskuldigde nr. 3 teruggeneem het na die traliehek waar mnr. Wilson gewag het? -- Dit is korrek.

En het u met eerwaarde Wilson gepraat? -- Ek kan nie onthou dat ek met eerwaarde Wilson weer daar by die traliehek gepraat het nie.

... / As

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

As dit nodig is, sal hy sê dat 'n mnr. Steyn - hy weet nie of dit u was nie - met hom gepraat het oor die weer en ander onbelangrike dinge. Was dit u wat dit gedoen het? -- Ek het dit nie gedoen nie.

HOF : Het u dit nie gedoen nie of kan u dit nie onthou nie? -- Nee, ek het nie met hom gepraat daar by die hek nie.

MNR. BIZOS : Of u met hom gepraat het of nie, u het seker geweet dat hy 'n meer belangrike amp gehad het in die kerk as beskuldigde nr. 3? -- Nee, ek was nie daarvan bewus nie.

Het u nie probeer vasstel waarom hy beskuldigde nr. 3 vergesel het nie? -- Nee, ek het nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat hy wel aan u voorgestel was en u dit wel geweet het? Ek wil u vra as dit nou so is soos wat ek dit aan u stel, waarom u nie die geleentheid geneem het om met hom te praat oor die probleem wat u gehad het met die kerk nie? -- Ek was nie bewus van sy hoëre amp in die kerk gewees nie en ek het nie 'n probleem met die kerk gehad nie. My gesprek was met eerwaarde Moselane, beskuldigde nr. 3, gewees.

Was hy nie voorgestel as die biskop se verteenwoordiger in Vereeniging nie? -- Hy was nie aan my voorgestel nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U het gesê op 'n vraag van My Geleerde Vriend, ek wil net hoor of ek korrek gehoor het, toe verwys is na 'n vraag wat die Hof sou gevra het, van 'n persoon wat dan op 19 Augustus geweld sou gepropageer het, en u het gesê, ek het die woord gehoor, ek het die rebel genoem. Ek weet nie of ek reg gehoor het nie? -- Ek hoor nou nie heeltemal mooi nie.

Ek sê in die vrae wat aan u gestel was oor 19 Augustus se vergadering, was daar verwys na 'n vraag wat die Hof aan u sou gestel het en was u antwoord daarop, toe dink ek het u

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die woord gebruik "Ek het die 'rebel' se naam genoem". Dit is wat ek verstaan het. Ek wil net seker maak. -- Ja, ek het gemeld ek het die persone se name genoem.

Wie is die persone? Het u vir hom gemeld wie die persone is? -- Ja, ek het. Volgens my inligting was dit Tom Mant en 'n Swartdame, genaamde Nosipo Myeza.

Toe u hierdie persone genoem het, het u gemeld aan beskuldigde nr. 3 wat hulle sou gesê het, Tom Man en die vrou? -- In algemene sin ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wat presies het u vir die beskuldigde gesê? -- Dat volgens my inligting is daar op die vergadering geweld gepredik teen die eiendom en die persone van die Lekoa Stadsraad.

Wat se geweld is gepredik? -- Dat raadslede doodgemaak moet word en hul eiendom afgebrand moet word.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Majoor, die kwessie van protesvergadering loop soos 'n draad deur hierdie akte van beskuldiging. Protesvergaderinge is deel van ons samelewing, protes teen sosiale dinge, protes teen owerheidsbeleid of optrede. Wat is die beswaar teen die hou van protesvergaderinge, waarom u graag wou toesien of hulp wou hê van beskuldigde nr. 3 om nie 'n protesvergadering in sy kerk te laat plaasvind nie? -- My bekommernis was die geweld wat uit die protes kan voortspruit.

U het dus rede gehad om geweld te vrees in die geval? -- Ek het.

Wat was u ervaring wat tot die vrees gelei het? -- Die voorafgaande gedeelte voor 3 September het daar geweldige inligting tot ons kantore gekom van mense wat bekommerd is dat gerugte in omloop is dat op 3 September moet niemand skool toe gaan nie. Huurmotors wat persone na die werk vervoer sal beskadig word. Busse moet verhinder word om mense na

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die werk te vervoer deur dit met klippe te gooi. Ook die dreigement teenoor die raadslede van die 19de. Dit saamgeneem het my bekommerd gemaak dat daar geweld gepleeg gaan word op die 3de na aanleiding van die protesaksie.

Dit gaan nou oor die vergadering van 19 Augustus, nie waar n i e? -- Dit is korrek.

Het u gevrees dat die mense dalk opgestook sou word om die dinge te doen wat u nou genoem het? -- Dit is korrek.

MR BIZOS : The evidence of the information about Tom Manthata, who is accused no. 16, is of course not admissible.

COURT : It is clearly understood that that evidence is not admissible and my assessors will know that.

MR BIZOS : I have no other questions, except that I am asking for leave to ask something that I should perhaps have asked.

COURT : Yes.

RE-CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : In verband met die gebeurtenis van die 20ste, daar was op een of ander plek sekere geweld gepleeg op die 20ste? -- Dit is korrek.

Waarvan u in u getuienis ook melding gemaak het? -- Dit is korrek.

Dit is buite die akte van beskuldiging in die saak. Dit is hoekom ek nie oorspronklik vrae daaroor gestel het nie, maar ek wil dit aan u stel dat die beskuldigde aan u gesê het dat hy niks weet van die geweld van die 20ste nie en dat hy niks te doene gehad het met enige vergadering wat op die 19de by sy kerk sou plaasgevind het nie? -- Ek kan my nie herinner dat hy so gesê het nie.

Maar u kan dit nie ontken nie? -- Ek kan dit nie ontken nie.

Alhoewel Sy Edele ons verseker het dat u getuienis nie toelaatbaar is nie, Tom Manthata, is 'n welbekende persoon

... / wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wat by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke betrokke is. Is dit nie so nie? -- Volgens my inligting is dit so.

Hy is ook 'n leier van sy mense in Soweto? -- Dit is moontlik.

En hy is 'n lid van die sogenaamde Committee of Ten in Soweto? -- So is my inligting ook.

Dit is baie, baie belangrike inligting wat u sou gehad het in verband met mnr. Manthata op die 31ste. Wanneer is hy gearresteer? -- Dit is aan my onbekend wanneer hy gearresteer is.

Hy is op 19 Februarie 1985 gearresteer. As u daardie inligting gehad het, waarom is hy nie - laat ons die feite eers kry. Het u hom aangehou, ondervra, om 'n verduideliking gevra voor hy gearresteer is op 19 Feburarie? -- Nee, ek het nie.

<u>HOF</u> : Voor ons nou op hierdie aspek ingaan. U is geregtig om die vrae te vra. Ek het u dit toegelaat om te vra, maar vloei dit inderdaad voort uit die getuienis wat hierdie getuie voor die Hof geplaas het? Daar is op 'n vraag van die assessor inligting voor die Hof gelê wat ontoelaatbaar is. U is nou besig om daarop uit te brei. Dit mag wees dat u 'n perdebynes oopkrap wat vir ons 'n dag besig hou en wat eintlik nie nodig is nie.

<u>MR BIZOS</u> : May I just say this, I do not want to ask any more questions. I merely justify what I have done up to now on the basis of the probability or improbability on the conflict between the witness and accused no. 3 as to whether the name was mentioned onthe 31st or not.

<u>HOF</u> : Daarom gaan ek u nie stop nie, maar ek het gedink 'n tydige waarskuwing is miskien van pas.

<u>MR BIZOS</u> : I am indebted to Your Lordship and I merely want

... / an

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

an answer as to whether he was detained or question or on any other way called in by the witness before 19 Februarie.

HOF : Ja.

MNR. BIZOS : Is enige van daardie stappe deur u geneem? -- Nee.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017